University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



# HOOFSTUK IV

## 'N SPIEËLBEELD VAN 'N KULTUURGESKIEDENIS

### i Die evolusie van die opelugmuseum-fenomeen

Uit die ontstaansgeskiedenis van die opelugmuseum blyk dit duidelik dat dié museumtipe sy ontstaan te danke het aan die onvermoeide arbeid van mense wat 'n belangstelling in die Volkskunde getoon het. 'n Besondere kenmerk van die Volkskunde dwarsdeur die negentiende eeu en selfs in die twintigste eeu, is 'n intense belangstelling in die plattelandse bevolking. In hul poging om die geskiedenis van die daaglikse lewe van die volk aan te teken, die volkskarakter te bepaal en kennis van die volk in te win, wend volkskundiges hulle na die boerebevolking. Hierdie groep mense is immers in 'n veel mindere mate as die stadsbevolking oorval deur vreemde sedes en gewoontes.[1] Ondanks al die veranderings waaraan die negentiende-eeuse Europese gemeenskap blootgestel is, kon die refrein nog gehoor word: "En de boer, hij ploegde voort."[2] Die boerehoewe was dus 'n belangrike bron van kennis. Daarheen het die navorser hom gewend om die boerehuise van verskillende streke te bestudeer en meer te wete te kom van die huisvlyt, volksgebruike, implemente en ambagte. Maar daarheen het ook die digters en skrywers gegaan om stof te versamel om hulle gedigte, ballades en literêr-bewerkte sprokies te skryf. Die boeregemeenskap was ook die bron waar versamelaars gebruiksvoorwerpe uit die volkskultuur en artikels wat die volkskuns verbeeld, bekom het.

Hierdie klemlegging van volkskundiges op die boeregemeenskap, wat eintlik beteken dat Volkskunde "boerekunde" geword het,[3] het uit die aard van die saak die ontwikkeling van opelugmusea skerp beïnvloed. Dit het nie slegs aanleiding gegee tot die besorgdheid dat die omskakeling na die nuwe tegnologiese era hierdie leefwyse gaan verdring en uiteindelik vernietig nie, maar dit het ook die voorwaarde geskep dat die bewaringspoging juis gerig sou word op die bepaalde werksaamhede, tegnieke, voorwerpe en geboue wat in die daaglikse lewe op die platteland 'n essensiële en funksionele betekenis gehad het. Die resultaat was dat die sogenaamde "park-tipe" landelike opelugmuseum tot stand gekom het. In 'n ruim park waar 'n rustieke atmosfeer geskep word deur landerye, weidings en oop ruimtes word

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


geboue afkomstig uit die platteland naas mekaar opgerig. Aanvanklik vorm hierdie strukture geen eenheid nie en staan in geen organiese of kultuurhistoriese verband met mekaar nie. Elkeen moet op sy eie waarde beoordeel word. Verder word elke struktuur alleen begrens deur 'n kerk, kloktorings of verskillende soorte windmeulens wat mekaar afwissel.

'n Verdere ontwikkeling in hierdie pioniersfase is dat daar wel 'n groepering van geboue ontstaan waar plaashuise byvoorbeeld ook van skure en buitegeboue voorsien word.[4] Al hierdie geboue word sover moontlik voorsien van meublement en gebruiksvoorwerpe wat in funksionele en kultuurhistoriese verband ingerig word. Dit is trouens 'n grondbeginsel van opelugmusea dat elke gebou juis toegerus moet word met voorwerpe uit die besondere omgewing waaruit dit afkomstig is. Die voorwerpe kan immers van streek tot streek en van die een kultuurlandskap tot die ander verskil.[5] Hierdie groepering van geboue en onderlinge verband wat vervolgens tussen hulle gelê word, impliseer ook dat daar met die omgewing en in besonder ook die natuur rekening gehou moet word. Die wisseling van die jaargety, die blomme en struike in die tuin en die plante in die kruietuin maak ook deel uit van die "uitstalling". En daarmee is die só nastrewenswaardige "drie-eenheid" geskep, naamlik gebou, interieur en milieu wat die unieke "ganzheit=liche" voorstellingswyse van museumeenhede behels.

Maar soos verwag kan word, sou daar nog 'n verdere ontwikkeling intree. Dit gaan gepaard met die groeiende besef, ook in die Volkskunde as wetenskap, dat die volkskultuur nie slegs tot die landelike beperk is nie. Die kultuurgeskiedenis behels immers ook die dorp en stad. 'n Volk bestaan ook nie net uit plattelanders nie. Die fabriekswerker, soldaat, student, tegnikus en winkelier maak ook deel uit van die volk. By die studie van die volkslewe en die weerspieëling daarvan deur die museum, moet met dié realiteit rekening gehou word. In Denemarke het Peter Holm die inisiatief geneem om ook elemente van die stadskultuur te verenig in die kleurryke stadjie wat met die stigting van "Den Gamble By" tot stand kom. Verdere voorbeelde van hierdie ontwikkeling word ook aangetref by "Den Fynske Landsby" te Odense, by Cloppenburg se "Museumdorf" en selfs by Williamsburg. Die opelugmuseum te Bokrijk en later te Enkhuizen het ook 'n besondere bydrae gelewer in die verdere ontwikkeling van hierdie uitgangspunt.

Dit spreek natuurlik vanself dat opelugmusea nie in waterdigte kompartemente van "park-musea" en "dorp-musea" ingedeel kan word nie. Die meeste van die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



"park-tipe" musea besit ook dorpsnedersettings of minstens suggesties daarvan, terwyl die "dorp-tipe" ook weer losstaande eenhede bevat. Arnhem wat normaal=weg 'n goeie voorbeeld van 'n "park-museum" is, het in 'n latere ontwikkeling 'n Drentse en Zaanse buurt ingerig wat 'n dorpsgemeenskap of woonwyk suggereer. Dieselfde geld ook Bokrijk. Die Oos- en Wes-Vlaamse gedeelte daarvan behoort kennelik tot die "park-tipe".

Beide die "park-" en "dorp-tipe" wend egter 'n poging aan om aan die besoeker "een beeld te geven van die geschiedenis van het dagelijks leven ... Het is daarby ons doel de mens in al zijn uitinge naar voren te doen komen ... De nadruk werd meer gelegd op de sociale en economische achtergrond van de mensen die doorgaans in dergelijke gebouwen hebben gewoond en gewerkt".[6]

Dié evolusie van die opelugmuseum word pragtig verbeeld in die drie opelugmusea wat die kultuurgeskiedenis van die Nederlandssprekendes van Europa weerspieël. 'n Bespreking van dié drie musea bied nie slegs 'n oorsig oor die ontwikkeling van opelugmusea die afgelope sestig jaar nie maar ook 'n indringende beeld van die moontlikhede wat dié fenomeen bied.

ii <u>"Het Nederlands Openluchtmuseum" te Arnhem</u>

Wanneer die besoeker deur die hekke van die "Rijksmuseum voor Volkskunde, Het Nederlands Openluchtmuseum" binnestap, word drie moontlike roetes aan hom voorgehou. Die roetes is gebaseer op die tydsduur wat die besoeker in die museum kan vertoef. Só behels die sogenaamde "Rode Route" ongeveer één uur, die "Groene Route" ongeveer twee uur, en die "Blauwe Route" ongeveer vier uur. Laasgenoemde beslaan die hele terrein en bring die besoeker na al die belangrikste geboue en ander besienswaardighede.

Volg die besoeker nou die blou roete dan is die eerste ontmoeting dié met die vertoonsaal waarin die tradisionele tweejaarlikse kleredragtentoonstelling gehou word. Baie faktore maak so 'n saal wenslik. Die belangrikste is dat kleredrag nie in die huise en geboue uitgestal kan word nie vanweë klimatologiese en beveiligingsprobleme.

Die Museum besit 'n uitgebreide kleredragversameling waarvan die belangrikste deel 'n bruikleen-versameling van H M Koningin Wilhelmina is. Hierdie versameling is oorspronklik met die inhuldiging van die Koningin in 1898 tot

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)





'n Aandkuiertjie op Duiveland omstreeks 1910. Kleredragtentoon= stelling van 1961 - '62: "Het Platteland Thuis".

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



haar beskikking gestel. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is dit byna geheel en al vernietig. Die huidige versameling is na die oorlog byeengebring en in 1949 aan die Koningin geskenk. Alhoewel dit weens gebrek aan betroubare bronne baie moeilik is om veel verder terug te versamel as eksemplare uit 1800, besit die Museum tog wel kledingstukke uit die einde van die sestiende eeu, Dit geld egter hoofsaaklik stadsmodes. 'n Verdere probleem wat die versameling van kleredrag oplewer, is dat dit gewoonlik slegs pronk- en kosbare stukke is wat vanweë piëteit of die kosbaarheid daarvan versamel is. Alledaagse kleding=stukke word in die reël nooit bewaar nie.[7]

Dit is gebruiklik dat die kleredragtentoonstellings tweejaarliks geskied en voorsien word van 'n tema, soos "Nederland in Bruilofstooi" 1955 - '56; "Marktgang" 1957 - '58; "De Blijde Gebeurtenis" 1959 - '60; "Het Platteland Thuis" 1961 - '62. Met die laasgenoemde tentoonstelling is juis die moeilike probleem aangepak om die daaglikse kleding en werksdrag te verbeeld. Die onderneming het sy probleme opgelewer. Benewens die feit dat "die daaglikse kleding" in die verlede selde versamel of bewaar is, was dit ook, wat die huidige situasie betref, 'n hele onderneming om byvoorbeeld 'n fotodokumentasie aan te lê. Om met "gewone" kleding te poseer vir vreemdes is nie altyd aanvaarbaar nie: "Zoiets dóét men niet." Die tentoonstelling het egter baie genoegdoening verskaf aangesien dit juis hierdie gewone, alledaagse kleredrag is wat die beste insig in die sleurgang van die daaglikse lewe van die bevolkingsgroep verskaf.[8]

Die afdeling "Kleredrachten" van die Museum het onder leiding van die hoof van dié afdeling, mnr J Duyvetter, besondere hulpmiddels ontwikkel om die uitstallings baie lewendig en geslaagd te maak.[9] Onder andere is weggedoen met die konvensionele "etalagepop". Poppe is saamgestel uit los koppe, hande, arms en bene. Die liggaamsdele is gerangskik om 'n standaard romp. Die afwerking van die kop- en handvorms, gemaak van "papiermaché", is besonder effektief. By die opstel van die uitstalling word die illusie gewek dat 'n handeling so pas afgehandel is of enige oomblik 'n aanvang gaan neem. Die afwagting en spanning word dan ook inderdaad aangevoel. Daarmee slaag die vakkundige daarin om die besoeker by die "toneel" te betrek. Dit is meer as 'n gewone tentoonstelling van kledingstukke wat die besoeker boei, want voor hom speel 'n lewensverhaal af wat in 'n besondere kultuurhistoriese milieu geplaas is.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


'n Treffende voorbeeld van so 'n vormgewing vind ons in die tentoonstelling van 1975 - '76 met die tema "Van hoofdbrekens en kopzorgen".[10] Eerstens moet daarop gelet word dat die tema eintlik 'n dubbele betekenis dra om 'n sekere "speelruimte" te skep. Eg-menslike situasies word verbeeld wat enersyds die sorge van die "hoofdtooi" weerspieël - die tentoonstelling handel immers oor hooftooisels in tradisionele kleredrag. Maar andersyds vertoon die uitstalling ook die sorge van die alledaagse lewe: finansiële sorge, sorge in die skoolklaskamer, gesondheid, sielesorg, ensovoorts.

In nommer ses van die twintig vertoonruimtes sien die besoeker die toneel van die "opperwachtmeester" wat 'n seun gevang het terwyl hy appels "steel". Met die seun in die hand vertolk hy die erns van die saak aan die moeder terwyl 'n vriendin die situasie angstig staan en dophou. Die toneel speel af in die ingangsportaal van die huis. In die gesigsveld staan die dienaar in volle mondering, terwyl die kleredrag van die seun, moeder en vriendin ook besigtig kan word. Die moeder is geklee in die drag van die sogenaamde "boeren-Axel" wat soms nog in die omgang gedra word, en die vriendin in "burger-Axelse" drag wat byna heeltemal uitgesterf het.

In nommer 18 bied 'n toneel in die wagkamer van die tandarts ewe-eens 'n blik op die sorge van ses mense in die aangesig van die arts. Treffend word die kleredrag en veral hooftooisels van verskillende bewoners van Noord-Veluwe uitgebeeld.

Hierdie tentoonstellings is besonder geslaagd: die lokale is effektief ingerig met ameublement en dien as funksionele milieu vir die klere. En wanneer die besoeker die vertoonsaal verlaat, neem hy 'n beeld van die daaglikse lewe soos dit in 'n besondere tydperk kon afgespeel het, met hom mee om nog meer uit hierdie leefwêreld te gaan besigtig.

Die wandelpad voer die besoeker vervolgens na die eerste klein boerderytjie en verplaas hom ineens na die begin van die agtiende eeu in Twente. Dié boerdery verteenwoordig 'n byna uitgestorwe boerehuistipe, naamlik die "los hoes", 'n woning wat slegs uit één ruimte bestaan. Daar is dus geen skeiding tussen mens en dier wat saam in die vertrek onderdak is nie.


University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Hierdie woning herinner onwillekeurig aan die heel eerste boerehuis wat met soveel geesdrif op die museumterrein opgerig is.[11] Dit was 'n klein woning afkomstig uit "Teuse" te Vasse, gemeente Tubbergen in Twente. Op 5 April 1919, 'n jaar na die opening, brand die woning helaas af terwyl 'n fotograaf besig was om daarin foto's te neem. Die groot teleur= stelling is egter spoedig oorkom toe 'n soortgelyke woning te Beuningen opgespoor is. Met die bruikbare materiaal van hierdie huis wat erg ver= waarloos was, en die oorblyfsels van die vorige woning, kon die huidige Twentse "los hoes" herbou word. En daarmee is 'n seldsame woning, boutegniek en argitektuurvorm vir die nageslag bewaar.

Die leefwêreld wat hier verbeeld word, bestaan nêrens meer nie. Dit behoort reeds aan die geskiedenis van twee honderd jaar gelede. Die "los hoes" skep egter 'n baie duidelike beeld van die verarmde kleinboere en arbeiders wat 'n sukkelbestaan moes voer. Die boutegniek en huisinrigting getuig daarvan. Die huis was waarskynlik aanvanklik as "lieftochtshoes" opgerig: dit is 'n aparte woning vir die ou boer en sy vrou wat reeds die bedryf aan die seun oorgelewer het maar tog nog reg het op lewens= onderhoud, "lijftocht". Dit kon ook 'n landarbeidershuis wees wat bewoon is deur 'n arbeider uit die besitlose plattelandse proletariaat wat in Twente bestaan het. Behalwe hierdie "los hoes" uit Beuningen besit die Museum onder andere ook eksemplare uit Zeijen en Lichtenvoorde.

Op my het hierdie huis 'n geweldige indruk gemaak. Ek het onwillekeurig gedink aan die pragtige beskrywing van Stijn Streuvels in sy boek "De Landsche Woning in Vlaanderen"[12] waarin hy die wese van die bouer van so 'n huis blootlê: "De landman die zijn huis bouwt heeft iets van de begaafdheden die eigen waren aan den middeleeuwschen boumeester. In alles gebruikt hij overleg en gezond verstand en hij streeft er naar om met 't minste middelen, het grootst mogelijk uitwerksel te bekomen. Hij bekommert zich niet om pracht of praal - een huis dient enkel om er in te wonen en alzoo ziet hij er niet naar of denkt er nooit aan dat zijn huis langs de straat moet staan ... om gezien te worden, maar als 't zoo gelegen komt, bouwt hij het met den achterkant naar de straat om 't met den voorkant naar 't Oosten of 't Zuiden te keeren en alzoo licht en warmte op te vangen - twee dingen die hem van groote waarde zijn."

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Die "los hoes" uit Vasse met die agterkant na die straat gekeer en daarbinne die woongedeelte, die domein van die boerevrou.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Op tipiese Twentse wyse is die grasgevlegte voorgewel van die straat weggekeer en die mure - of meer korrek - die wande dui aan watter karige materiaal voorhande was. Die woord "wand" kom van die werk= woord "winden", "wenden" in die sin van "vlechten". Tussen die horisontale balke word wilge- of berkelatte deurgevleg wat dan vervolgens met 'n mengsel van grond en kraalmis besmeer is om dit dig te maak.[13]

Toegang tot die huis word verkry deur 'n groot agterdeur en dan word die groot onverdeelde ruimte betree. Die woongedeelte, die domein van die boerevrou, kom dadelik in die gesigsveld. Die strakke eenvoud vertoon tog indrukwekkend. Op die voorgrond word die oop haard opgemerk wat eenvoudig 'n kuil in die grond is. Daar rondom staan die turf-brandstof en die kookgerei. Die vuur het hier maar altyd gebrand, veral in die lang koue wintersaande. Die vuurstolp (veurkoarf) wat daarnaas staan, suggereer egter ook die vrees vir daardie einste vreugdevolle vuur. Dis oor die vuur geplaas om die brandgevaar te beperk wat die vuur vir die huis en gesin én vir die ganse dorp ingehou het.[14] Tevergeefs word gesoek na 'n skoorsteen: die rook en vuurdampe moes eenvoudig ontsnap deur die dak en ander openings.

Van al die ander gebruiksvoorwerpe is die swart gietysterketel miskien die prominentste. Dit hang aan 'n kettingvormige "haal" wat 'n besondere rol gespeel het in die daaglikse lewe van die huisgesin. Dit was dikwels die middelpunt van interessante plegtighede. Hierheen het die jong boer sy bruid op die huweliksdag gelei, en haar dan volgens Indo-Germaanse gebruik drie maal om die haard gelei en haar hand om die "haal" geplaas as teken dat sy daarvan besit neem. Vandaar die uitdrukking: "Zij wordt gehaald."[15] Op dieselfde wyse word die diensmeisie of kneg in die gesin opgeneem en word die kooptransaksie van die huis deur 'n nuwe eienaar bekragtig.[16]

Vir die besoeker wat hierdie woongedeelte betrag, kos dit nie veel inspanning om die daaglikse doen en late te rekonstrueer nie. Die spek, vleis en wors wat buite die bereik van kat en muis aan die dakbalke hang, onderstreep die eenvoud van die lewens van die eertydse bewoners. Die spinwiel en weefspoel wat so staan dat die vrou daarvandaan uitsig oor die hele ruimte van die huis gehad het, getuig van haar arbeidsaamheid. En by die tafel en die karige liggie van die olielampie kan die besoeker hom ook die gesin op 'n koue wintersaand voorstel soos hulle luister na die ou verhale wat

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



vertel word - en sekerlik baie realisties in hierdie milieu moes klink waar die flikkerende vuurvlamme uit die oop haard skadubeelde teen die mure weerkaats.

Voordat die besoeker die huis verlaat, sal hy ook nog gaan stilstaan voor die klerekis, "tuugkiste", kunstig versier met oeroue motiewe wat van geslag tot geslag oorgelewer is. Gewoonlik was dit 'n geskenk van die bruidegom aan sy bruid. Daarin sou hulle hul beste klere berg vir Sondae en ander feesgeleenthede.

Dit is moeilik om die reaksie van die gemiddelde besoeker te voorspel wanneer hy uiteindelik weer buite die huis gaan staan by die put waaruit die water vir huisgebruik verkry is. Dit was immers 'n vreemde ontmoeting met 'n kultuurmilieu uit die verre verlede, 'n lewenswêreld so ingrypend anders as waaraan die moderne mens gewoond is. Waarskynlik sal 'n weemoedige stemming in die gemoed heers, want dit was 'n bra sombere bestaan van mense wat nie veel meer van die lewe verlang het nie as die daaglikse brood wat reeds 'n groot deel van hul kommer en sorge uitgemaak het. Maar miskien was dit juis daarom 'n sinvolle ontmoeting omdat die besoeker ontdaan is van die romantiese sentiment van die "goeie ou dae" wat nie altyd aan die idilliese verwagting voldoen nie.

Die wandelpad voer die besoeker nou verder, langs 'n grenspaal verby wat in die vorige eeu die grens van 'n jaggebied in Arnhem aangedui het, na 'n tolgaarderswoning. Die woning is afkomstig uit Zuidlaren naby die Groning-Drentse grens. Die rooi baksteenhuisie met versierde oorhangdak en hout-tolhek, verteenwoordig die duisende "tollen" wat eens oral gestaan het om "voor rij- of voertuigen met vier wielen voor elke aangespannen paard, ezel, muilezel of runderbeest f0.15" en "voor elken bok, geit of hond, gespannen voor rij- of voertuig met twee wielen f0.01½" ensovoorts op te eis.[17]

'n Klein entjie anderkant die Aula waar op gesette tye vergaderings gehou, tentoonstellings en filmvertonings aangebied word en verder by 'n vertoonsaal vir tydelike tentoonstellings verby, kan die besoeker 'n replika van 'n "handboogschietbaan" uit Roermond besigtig. Veral in die Suidelike provinsies was dit 'n besondere ontspanning wat met baie plesier en vrolikheid gepaard gegaan het.[18]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Die volgende gebou is 'n Zuid-Limburgse skuur uit Terstraeten wat oorspronklik omstreeks 1800 gebou is. Dit bied 'n mooi voorbeeld van geraamtebou wat voorsien is van vakwerkwande gevul met 'n mengsel van grond, strooi en kraalmis. Dit is 'n tipiese bouwyse van Zuid-Limburg. Hierdie soort wande het 'n besonder isolerende effek gehad. Binne die skuur is 'n aantal voorwerpe te sien wat betrekking het op die kook, uitpersing "en tot stroop indikken van appels en peren".[19] So 'n bedryf sou vry algemeen in Zuid-Limburg aangetref word, aangesien die gebied reeds lank bekend is vir sy vrugtebedryf.

Op weg na die volgende boerdery is nog 'n grenspaal uit Roosteren-Suteren wat uit 1600 dateer, asook 'n wegkapel uit Margraten.

'n Klein Zuid-Limburgse boerdery uit Krawinkel laat mens sien hoe 'n boerdery oor 'n lang tydperk ontwikkel het. Hierdie ontwikkeling blyk nie net uit die verskillende datums bo die gewelsteen en verskillende deure nie, maar ook uit die boutegniek. Die ou huise wat vroeër voorsien was van vakwerkwande met grondvulling, het in sommige gevalle waar herstel=werk verrig is, 'n baksteenvulling gekry. Dit het veral gebeur in die tydperk toe baksteen makliker bekombaar was en die prys daarvan gedaal het. In baie gevalle het die algemene welvaart ook baie verbeter, wat in die agtiende en negentiende eeu daartoe lei dat baksteenfasades vóór hierdie ouer mure gebou word. Dit verleen aan die huis ineens groter aansien.[20]

Die volgende drie geboue verplaas die besoeker na Noord-Brabant. Die eerste een gee insig in die sosiale aktiwiteite op die Brabantse platteland. Dit is 'n "brouwhuis" met 'n bakhuis uit Ulvenhout. Hollandse bier wat reeds voor 1500 bekendheid verwerf het, is op die platteland ook deur huisbrouers gemaak. Veral in die agtiende en negentiende eeu het daar in Brabant en Limburg in elke dorpie en gehug 'n brouery bestaan wat 'n eie karakteristieke bier gebrou het. So 'n brouery was dan gewoonlik gekombineer met 'n herberg-café.[21] Die tweede gebou in hierdie groep verteenwoordig 'n Brabantse boerdery en is oorspronklik afkomstig uit Budel, terwyl die derde uit Etten en Leur afkomstig is. Albei die boerderye dateer uit ongeveer 1700. Daar is tekens van latere wysigings aan die gebou. Die interieur van die langgewelboerdery uit Budel skep weer eens 'n sombere, armoedige indruk. Dit kom immers uit 'n omgewing van arm sandgrond wat oor die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)






Die "Dorpsschooltje" uit Lhee dateer uit ongeveer 1750.

Die Plaggenhut uit Onstwedde is die primitiefste woning in die Nederlands Openluchtmuseum, Arnhem.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


algemeen 'n skrale opbrengs gelewer het. Die "potstallen" wat niks anders is as uitgegraafde kuile in die grond nie, toon hoe die boere die mis van die vee versamel het om die arm grond te probeer verryk. Die boerdery uit Etten en Leur word ook 'n "Vlaamse schuur" genoem omdat dit vroeër met allerlei afmetings in Belgiese Kempen voorgekom het. Dié gebou kan slegs van buite bewonder word.[22]

Die volgende gebou wat die aandag vereis, is die "Dorpsschooltje" uit Lhee, gemeente Dwingeloo, Drente. Die skooltjie dateer uit ongeveer 1750. Die inrigting daarvan bestryk egter die tydperk 1800 tot 1830. In 'n kultuurhistoriese beeldvorming sou dit onmisbaar wees, gesien die vormende invloed wat van hier oor die gemeenskap gestraal het. Die boere van Lhee het die gebou in die agtiende eeu opgerig. Dit bestaan uit een lokaal waarvan die vloere met veldklippe uitgelê is. Die ruimte word deur 'n vuurherd in die middel van die vertrek verwarm. Die kinders het self die brandstof voorsien. Die skool is verder toegerus met tafels en banke waarop die skoliere gesit het. 'n Aantal houtskooltasse, kunstig versier met skilder- en houtsneewerk, hang teen die muur. Meester se lessenaar staan plegtig in die hoek, met 'n inkpot, gansveer en pennemes daarop wat altyd byderhand moes wees om die gansveerpunt skerp te hou. Vanuit die hoek waar die lessenaar staan kon Meester 'n onnutsige skolier met die "ongeluksvogel" gooi - en as dit deur die skuldige aan Meester terugbesorg word, is die nodige afronding met die "plak" verrig. Die "ezelbord" is om die nek van die knaap gehang wat die les nie alte flink gelees het nie, en herinner aan die dae toe dit aan dissipline nie ontbreek het nie.[23]

Die primitiefste woning in die Museum staan ook hier in die Drentse buurt. Dit is die Plaggenhut uit Onstwedde.[24] Dié hut is deur die allerarmste veenarbeiders bewoon tot aan die begin van hierdie eeu. Die hut is opgebou deur vlei-sooie wat opmekaargestapel is en het 'n skuins dak, gestut deur dennestamme. In die voorgewel wat van planke aanmekaargetimmer is, is twee raampies wat nie kan oopmaak nie. As gordyne dien netjies geknipte koerantpapier. In die sygewel is die enigste deur wat toegang verleen tot die agterste gedeelte van die hut waar die kleinvee onderdak gebring en bergplek ingeruim is. Die woongedeelte beslaan ongeveer drie by drie meter.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Die karige ameublement bestaan uit 'n ronde tafel, enkele stoele, 'n kas en 'n bedstede. Die oop herd verskaf hitte en 'n olielampie die flou ligstraaltjie. 'n Meer sombere "woning" in die beknopte, klam ruimte kan nouliks bedink word. Dit vorm 'n skrille kontras selfs met die "los hoes", die Drentse boerdery uit Zeiden wat daarnaas staan en uit 1700 dateer.

Op geen ander plek in die Opelugmuseum van Arnhem was ek meer bewus van die kulturele bande wat my as Afrikaner bind met dié geslag van mense wat hierdie armoedige huise eens bewoon het nie. Hulle was die bloed- en geesverwante van die eerste pioniers wat die onherbergsame binneland van Suid-Afrika moes tem. En so ver hulle getrek het, het hulle huise soos dié gebou wat nou reeds beskryf is. Natuurlik het dit nie in elke opsig ooreengestem nie. Die klimaat en materiaal wat in die omgewing gevind is om 'n woonoord aan te lê, het immers drasties verskil van dié wat die pioniers in Suid-Afrika aangetref het. Die ooreenkomste is egter onteenseglik daar. Die Suid-Afrikaanse pioniersomstandighede het ek reeds dáár in die "los hoes" aangevoel. Die gebruiksvoorwerpe en ornamente het "bekend" voorgekom. Selfs die "tuugkiste" het my laat dink aan die "wakis". Alhoewel laasgenoemde nie só kunstig versier was nie, het dit ook tog die "kisklere" geberg. Verder is daar 'n treffende ooreenkoms met die boumetode met pale en vlegwerk van die bekende kapstylhuis in Suid-Afrika, terwyl nie veel aan die verbeelding oorgelaat hoef te word om die ooreenkoms tussen die "plaggenhut" en "hartbeeshuisie", na voorkoms en inrigting, op te merk nie.[25] Dit was ook by die aanskoue van die dorpskooltjie uit Drente dat ek opeens in die gedagte weer vir 'n oomblik voor ons eie pionierskooltjies vertoef het. Hier in die vreemde het die Afrikaanse "Meester" wat so 'n geweldige groot invloed op die volkslewe uitgeoefen het, vir 'n wyle weer voor sy klas gestaan. Die feit dat ek hierdie gewaar=wordinge kon beleef, was vir my reeds die eerste aanduiding hoe effektief die uitstallings en dié museale fenomeen is.

Diep onder die indruk van die karige bestaanswyse van die veenarbeiders van veral Friesland, Groningen en Drente en die erbarmlike woontoestande waarmee hulle tevrede moes wees, nader die besoeker nou 'n boerdery uit Friesland. Vergeleke met die Drentse buurt is dit 'n hele avontuur om die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


boerdery uit Midlum voor jou te sien. Die Museum het die gebou in 1961 aangekoop. Dit word dikwels ook getipeer as 'n kop-hals-rompmodel vir akkerbou en veeteelt op die vrugbare seeklei-polders ten noordooste van Harlingen.[26]

Die Dokumentasieafdeling van die Museum het uit argiefstukke vasgestel dat dit reeds in 1664 beskryf is. Sedert 1778 toe dit vergroot is deur die toenmalige eienaar, dr S Stinstra, het dit die huidige afmetings aangeneem. Soos die geval met die meeste Friese boerderye, was hierdie ook 'n "pacht=boerderij". Die eienaars het gewoonlik elders gewoon en 'n aansienlike huurgeld ontvang van boere wat die boerdery benut het.[27]

Die "kop"-gedeelte van die gebou is eintlik 'n aparte woonhuis met 'n pronkkamer. In die "hals" is die melk- en karringkamer en die kombuis. Daaragter lê die "romp" waarin die bedryfsgedeelte ingerig is. In hierdie kolossale skuur kan verskillende ruimtes onderskei word. In die middel is die "tasruimte" waar die hooi en oes geberg word. Op die regterflank is die koei- en perdestal waar ook 'n dorsruimte afgesonder is. Die sogenaamde "kippenlopen" langs die sygewel het vir die hoenders gedien as loopvlak na die "nacht-" en "leghok".

Uit Daarle is 'n skaapstal heropgerig.[28] Van hierdie bygeboue is daar in die Museum ook ander voorbeelde, soos dié uit Ederveen. Die eenvoudige konstruksie van hierdie geboue is dikwels langs groter boerderye aangetref, maar soms is dit sommer in die veld opgerig. Snags is die skape daarin gejaag. Dit het die voordeel gehad dat die kosbare bemesting wat vir die sandgrond nodig is, op dié wyse opgevang is. Die stal is eintlik nie veel meer as "potstallen" wat van 'n dak voorsien is nie. Die flanke is van binne met planke toegemaak en van buite met sooie versterk. Aangesien die skaapstal slegs van buite besigtig kan word, stap besoekers verby in die rigting van die kruietuin wat digby aangelê is.

Dit is inderdaad een van die interessantste eenhede van die ganse versameling. Die agtiende-eeuse hek en vywer met sy hardesteen-pomp uit Zwolle en honderde verskillende plante, elk met sy eie geur en kleur, skep reeds by die aankoms 'n boeiende atmosfeer. Die tuin is reeds in 1926 aangelê deur die inisiatief van die Nederlands Vereeniging voor Geneeskruidtuinen. Die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog het tot gevolg gehad dat dit in

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


die vyftigerjare herbeplan is. Sedert 1955 bestaan "De Kruidetuin" uit vier afdelings. Die eerste is 'n kloostertuintjie na die voorbeeld van 'n kruidhof uit die negende eeu by die klooster van St Gallen in Switserland. Die westelike deel van die tuin bevat geneeskundige kruie. Die oostelike deel bestaan uit twee afdelings: in die een word plante gekweek wat verband hou met die Volkskunde; en in die ander deel kombuiskruie asook "tegniese" gewasse wat onder andere gebruik is by die bereiding van kleurstowwe.

In die tuin staan ook 'n baksteenhuisie. Dit het onder andere 'n oond waarin kruie gedroog word en 'n uitstalling wat die suggestie van 'n agtiende-eeuse apteeklaboratorium skep. Verdere uitstalruimte word benut om die gebruik van kruie en gewasse toe te lig.[29]

Binne die grense van die muur wat die tuin omring, is 'n geweldige skat van volkswysheid byeengebring. Dié volkswysheid wat geleidelik ontwikkel het uit die drang tot selfbehoud, ontleen sy inhoud aan kennis wat berus op empiriese waarneming uit die ondervinding of wat oorgelewer is. Wanneer geen raad meer geweet is met kwellende pyne en ander siektetoestande nie, het die mens hom na die natuur gewend om hulpmiddels te soek.[30] Reeds in die literatuur van die Middeleeue kan genoeg bewyse gevind word om aan te toon hoe onwrikbaar in hierdie geneesmiddels geglo is en dat dit inderdaad menige lyding versag het. 'n Middeleeuse geneeskundige het die wonderwerkende krag van die salie (Salvia officinalis), wat teen vrywel alle kwale ingespan is, só besing: "Waarom zou iemand sterven, die salie in zijn tuin heeft staan? Alleen omdat er nu eenmaal tegen de dood geen kruid gewassen is! Salie staalt de zenuwen, maakt dat je handen niet beven en dat koortsaanvallen verdwijnen." En Dodonaeus wat ruim vier eeue later geleef het, sou beslis nie met moderne geneeshere saamgestem het wat geen hoë waardering vir die salie as geneesmiddel het nie. Hy het in die sewentiende eeu daarvan geskryf: "De Savie verwarmt merckelijck ghenoegh/ende verdrooght insgelijck oock seer wel; ... Sy heeft oock een weynighsken tesamen-treckinghes in haer."[31] Daarby nog kan die salie gegorrel word, as poeier oor wonde getrooi en in die mond gebruik word om ontsteking te stuit, om nie te praat van die feit dat dit vette en swaar voedsel maklik verteer nie. Dié boererate ken g'n einde nie. Daar is

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


ywerig gesoek na die geneeskundige werking van plante wat nog onbekend was. Die gedagte lewe immers by mense dat die siekte 'n straf is uit die hand van God. Maar die genade van God lê daarin dat Hy naas die straf ook die genesing bied, wat verskuil is in die plante. Daar moes slegs na die genesende krag gesoek word. Juis daarom kon Hondius só dig:

> God geeft de cruyden oock met eenen
> om de straffe die hij sent
> te versoeten en vercleenen
> als men haere deuchden kent.[32]

Die plante was egter nie net in die siekekamer diensbaar nie. Ook in die kombuis waar die huisvrou gepoog het om die soms karige dis smaakliker te maak, was kruie en gewasse 'n onontbeerlike hulpmiddel.[33] En natuurlik het dit ook neerslag gevind in die taalgebruik van mense. Segswyses, poësie, raaisels en vertellings is daarvan deurspek.[34] Miskien is die versameling juis so geslaagd omdat wat hier gesien word so 'n groot deel van die leefwêreld van weleer gevul het en in menige opsig daaraan gestalte gegee het.

Na die aangename ondervinding en verkwikking in die kruietuin word die besoeker vervolgens verplaas na Hindeloopen, een van die elf stede van Friesland wat aan die Zuiderzee geleë is.[35] Die huis en die interieur daarvan roep 'n grootse verlede in herinnering toe die bewoners welvarende koopvaarders was. Die pronkkamer is ingerig na die tipiese Hindeloopense styl met geskilderde meubels, Sjinese en Japannese porselein en ander weelde= artikels. Die voorkeur vir gesnede eikehoutmeubels en beskilderde kaste wat by die welgesteldes van Holland in die loop van die sewentiende eeu ontwikkel het, is ook in dié pronkkamer te sien. Die wande van die pronkkamer is verfraai met die kenmerkende wit, pers en blou teëls met afbeeldings uit die skeepvaart, Bybelgeskiedenis, kinderspel en dierewêreld. Dit skep die indruk van keurige smaak wat ongetwyfeld beïnvloed is deur die welvaart waarin die mense gedeel het.[36]

Die volgende groep geboue kan slegs van buite besigtig word. Die eerste is 'n boerdery uit Gelderland uit omstreeks 1800 en 'n landarbeidershuisie uit Beemster, Noord-Holland. In die arbeidershuisie uit Zandeweer, Groningen,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


wat omstreeks 1850 gebou is, word grofsmedery nog beoefen wat tegelyk die voordeel bied dat voorwerpe van die museumversameling daar aangehou en gerestoureer kan word. 'n Hoefstal uit Scherpenzeel, Gelderland, laat baie realisties sien hoe die hoefsmid 'n perd maak staan wanneer hy beslaan moes word. 'n Baie insiggewende ambag wat ook in 'n skuurtjie ingerig is, is 'n "klompenmakerij". Daarin is ook die gereedskap te sien wat in hierdie huisnywerheid gebruik is. Weer eens kom 'n mens onder die indruk van die uiters swak werks- en leeftoestande wat selfs nog aan die begin van hierdie eeu geheers het in byvoorbeeld 'n Overijselse dorp soos Enter, waar byna die hele bevolking klompe gemaak het. In die klein bedompige skuurtjie, swak verlig en klam, is die werk verrig; dikwels ook in die eenkamer-woonhuis. Daar moes uit die ruwe wilge- of populierstomp met behulp van die byl, saag, dissel, paalmes en boorbank, bruikbare klompe geskep word. Vir sy arbeid kon die vervaardiger ongeveer dertien sent per paar verdien. As hy dus van 6-uur die oggend tot 7-uur in die aand daarmee besig was, kon hy gemiddeld 10 paar klompe die dag maak. Sy verdienste was dan sowat $1\frac{1}{2}$ gulden. Verder is bereken dat 'n man, vrou en een kind se lewensonderhoud ongeveer 5,50 gulden per week was. Hieruit spreek wel in watter benarde omstandighede hierdie ambagslui moes lewe.[37]

Daar is ook ander huisies in dié omgewing wat die leefwêreld van die arbeiderbevolking verbeeld. Daar is byvoorbeeld die drie arbeidershuisies uit Tilburg, Noord-Brabant, wat reeds ongeveer 'n honderd jaar oud is. Dit bied 'n goeie voorbeeld van die huisvesting van die Brabantse stedelike arbeiderbevolking uit dié era. 'n Skuurtjie uit Woold gee insig in die leefwyse van Gelderland, en 'n klein burgerwoning uit Bedum is kenmerkend van die omgewing van die stad Groningen so ongeveer 1850. Verder is daar 'n skaapstal uit Texel, Noord-Holland, waarin skape oornag het en 'n palingleurdershut wat tot 1918 in die omgewing van Amsterdam gestaan het. Hierdie hutte is bewoon deur Vollendamse palingleurders wanneer hulle hul palings en ander vis in Amsterdam kom verkoop het.[38] Hierdie besondere hut is bewoon deur ene Gerrit Vlak totdat die Museum dit bekom het.

Reeds in 1930 is die Markense visserhuise aangekoop wat soos alle huise op die eiland geheel en al van hout gemaak is. Dit was toe reeds die enigste

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)




Die "Zaanse buurt" - vir menige die hoogtepunt van 'n besoek aan die Museum.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



eksemplaar van die sogenaamde "rookhuis" wat nog op Marken gestaan het. Die huisie het dus geen skoorsteen nie. Die rook word beheer deur 'n luik wat in die skuins dak aangebring is. Verder bestaan die huis uit twee vertrekke, naamlik 'n woonruimte en 'n pronkkamertjie. Die geel en blou geverfde hout= wande is oordadig behang met allerlei erdewerk en porselein, gebruiksvoorwerpe en aandenkings uit Skandinawië, Engeland en Skotland wat getuig van die kontak wat vissers met die buitewêreld gehad het.

Langs die huisie is 'n skeepswerf met skeepshelling ingerig. Hierdie werf, "De Hoop", dateer uit 1885 en was in gebruik tot in die veertigerjare toe dit na die Museum oorgeplaas is.[39]

Maar vir baie besoekers is dit 'n uitgemaakte saak dat die sogenaamde "Zaanse buurt" die hoogtepunt van 'n besoek aan die Museum is. In baie opsigte sou 'n mens wil saamstem. Hier is gepoog om met behulp van 'n aantal geboue uit 'n besondere omgewing 'n rekonstruksie te maak sodat belangstellendes 'n indruk kan vorm van die oorspronklike omgewing waarin die funksie en inrigting van die geboue vir hulself spreek. Die geboue is dan ook só geplaas dat die ekonomiese, sosiale en kultuurhistoriese agtergrond ineens meespreek.[40] Wat hier getoon word,[41] is 'n "Koopmanshuis" en die daarby behorende "overtuin". Naas die tuin is die koetshuis van die koopman, en daaragter staan 'n skuurwoninkie, die "kets", wat gebruik is deur die koetsier en sy gesin. Die geheelbeeld wat geskep word, is dié van 'n ryk, welvarende Zaanse ondernemer wat langs die midde= stander en die arbeider woon.

Die woonhuis bestaan uit verskillende vleuels. In die oudste gedeelte wat uit 1686 dateer, is tans 'n aandenkingswinkel ingerig. Die tweede vleuel is in 1740 aangebring en die derde in 1780. Skertsenderwyse word na hierdie uitbreiding verwys as "goedejaarshuis" aangesien dit waarskynlik in voorspoedige jare aangebou is. Die "pronkkamer" is aan die straat geleë. Hierin is die beskilderde meubels, die deftige en ryk gevulde "glazenkast" met kosbare erdewerk, asook die "zware geldkist" van die welvarende Zaanse koopman. Die "luchthuis", wat gewoonlik apart staan en uitsig oor die Zaan bied, was 'n plek van ontspanning. Wat hier gerekonstrueer is, het oorspronklik los van mekaar aan één kant van die straat in 'n "Dubbele Buurt" in "Koog aan de Zaan" gestaan. Dit was egter nie

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


die normale ligging in die Zaanstreek nie, maar het ontstaan as gevolg van die watersnood van 1666 waartydens die dyk oorspoel is. Na verstewiging van die dyksloot ontstaan die Dubbele Buurt, 'n straatjie met huise aan albei kante.

Die Zaanse buurt in die Museum het 'n veelbewoë geskiedenis beleef. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is uitgebreide skade aan die geboue berokken toe dit deur 'n bom getref is.[42] Daarna het die groot brand gekom.[43] Op Vrydag=oggend 9 Januarie 1970 is aansienlike skade aangerig toe die noordelike deel van die geboue in puin gelê is. Hierdie tragiese verlies is egter spoedig te bowe gekom. Met volhardende ywer is die verwoesting herstel.

Die Zaanse buurt word verder versier deur die dubbele ophaalbrug uit Ouderkerk aan die Amstel. Die brug is in 1938 aan die Museum geskenk deur die Gedepu=teerde Staten van Noord-Holland. Die brug wat uit omstreeks 1800 dateer en 'n tipiese Hollandse brugkonstruksie met houthefbome en kontragewigte verteen=woordig, is ook gedurende die Tweede Wêreldoorlog erg beskadig. In 1957 is besluit om die houtwerk in sy geheel te vervang.[44]

Maar daar is nog 'n paar geboue en konstruksies wat besigtig moet word. Die eerste is 'n pragtige, tipiese Noord-Hollandse boerdery met sy puntige dak. Die ontwikkelingsgeskiedenis van hierdie boerderytipe is die benaming "stolp-" of "stelp-boerderij" afwisselend gebruik.[45] Die besondere gebou wat hier in die museum staan, uit Zuid-Scharwoude en is in 1745 deur Jacob van Twuyver opgerig. Die boerdery toon die interieur van 'n boerehuis van 'n welvarende veeboer uit die tweede helfte van die agtiende eeu, en wat doelmatige inrigting betref verteenwoordig dit tegelyk die eindfase van 'n eeue-oue ontwikkeling. In die nagenoeg vierkantige gebou is die woonvertrekke, werk- en stalruimte rondom die "hooitas" gebou. 'n Baie interessante aspek van die leefwyse in hierdie en soortgelyke wonings is die versiering van die koeistalle in die somer wanneer die koeie nie in die stalle oornag nie. Die stalle, wat ruimte bied vir ongeveer agtien tot twintig koeie, word dan afgewit en behang met veelkleurige opge=poetste kopervoorwerpe en "boerendelfts". Beskilderde gebruiksvoorwerpe word ook uitgestal, onder andere die kaaspers wat gebruik is om kaasprodukte soos die beroemde Edammers te maak.[46]

In dieselfde omgewing waar hierdie sonderlinge boerdery is, lê onder meer die handboog- en geweerskietbaan waar na houtvoëls geskiet is, asook verskillende boerderye soos dié uit Giethoorn, die land van Vollenhove uit Kadoelen en uit

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Staphorst. Daarbenewens is daar die kasteelagtige boerdery uit Oud-Bijerland, Suid-Holland, waarvan die woongedeelte reeds in 1617 gebou is. Verskillende geboue uit Gelderland bied ook 'n beeld uit hierdie landstreek: die skaapstal uit Erdeveen, die Betuwse boerdery uit Varik, die klein Veluwse boerdery uit Vierhouten, en 'n daglonershuisie uit Nunspeet wat reeds 'n verbetering toon in die lewenstandaard vergeleke met ander soortgelyke wonings wat reeds beskrywe is.

Dit is gans ondenkbaar dat die Nederlandse Opelugmuseum wat so 'n pragtige oorsig bied van plattelandse bouwerke en die Nederlandse kultuur, sou nalaat om 'n ereplek toe te ken aan "de molens, eens de glorie van Nederland, maar nu de onttroonden door te macht der electriciteit".[47] Sedert die meule in die gryse verlede sy verskyning gemaak het,[48] waarskynlik in die twaalfde eeu, het dit in vele opsigte 'n belangrike rol gespeel in die daaglikse lewe. Dit was deel van die stryd teen die water; daarmee is graan gemaal, hout gesaag, papier vervaardig. Die industriemeulens het 'n belangrike rol gespeel in die ekonomiese welvaart van verskillende streke in die sewentiende en agtiende eeu.

Belangrike uitvindings in die tweede helfte van die negentiende eeu bring 'n verandering in die lewenswyse. Wind- en waterkrag kon helaas nie standhou teen stoomkrag en elektrisiteit nie en uiteindelik moes die meulens die aftog blaas.[49] Verval en verwaarlosing het in 'n betreklike kort tydsbestek onrusbarend toegeneem. In die eerste helfte van die twintigste eeu het van die sowat 8 000 meulens wat nog aan die begin van die eeu bestaan het, slegs 1 300 oorgebly.[50] Sprekend van hierdie onvervangbare verlies is die feit dat die Museum die enigste oorgeblewe waterradpapiermeule van Veluwe besit. In 1740 was daar 171 van hierdie tipe meulens.[51]

Die tiental meulens wat in die Museum vertoon word, bied egter 'n mooi beeld van hierdie ryk kultuurskat wat die Hollandse landskap eens verfraai het. Benewens verskillende "windwatermolen", "windkorenmolen", en die "Tjasker-watermolen" wat die eenvoudigste vorm van die windwatermeulens was, is die opwindendste seker die "waterradmolen voor papierfabricage op de Veluwe". Dié papiermeule vervaardig nog papier soos dit gedoen is sedert ongeveer 1600. Dit is 'n belewenis om te aanskou hoe "linnen lompen", tou, seildoek en nette fyn=gestamp en in papier omskep word.[52]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



'n Laaste aspek van die Museum wat hier genoem word, is die verskillende tydelike tentoonstellings wat van tyd tot tyd aangebied word, 'n onmisbare aktiwiteit van 'n opelugmuseum. Dit bied 'n uitstekende geleentheid om uitgebreide versamelings wat in stoorkamers geberg word, aan die publiek bekend te stel. Alhoewel landbouwerktuie,[53] voertuie,[54] keramiek[55] en ysterwarevoor= werpe wel in funksionele verband in geboue uitgestal word, dien dit tog 'n belangrike doel om selfstandige tentoonstellings van hierdie voorwerpe te hou om die onderlinge en oorsigtelike verband te laat spreek. Uitstallings soos "Goedbruikbaar, vaak Breekbaar", "Magazijn van Ijzerwerken" en "Des gerusten Lantmans"[56] slaag uitmuntend daarin om hierdie verband te lê. Laasgenoemde uitstalling het byvoorbeeld aan die hand van tekste, prente, foto's, modelle en voorwerpe 'n pragtige beeld gebied van die ontwikkeling van die landbou deur die eeue heen. So 'n uitstalling bied die besoeker die geleentheid om onder andere te sien hoe nuwe werktuie en gereedskap oues vervang het, en hoe kragbronne vir die boer ontwikkel het om woeste grond, moerasse en die ongerepte natuur te bewerk.

Dit vorm alles deel van die poging van die Opelugmuseum om die leefwêreld van 'n verbygegane eeue te verbeeld en die ontwikkeling sigbaar aan te dui. Dit is immers juis hierdie ontwikkeling wat die hedendaagse leefwyse tot op groot hoogte verklaar. As die museum daarin slaag om iets van die verlede so te laat spreek in die hede dat die besoeker die sin daarvan kan raaksien, dan het dit in 'n belangrike mate in sy vooropgestelde doel geslaag.

'n Deeglike studie van die "Nederlands Openluchtmuseum" in Arnhem openbaar onmiddellik waarom hierdie Museum vir bykans sestig jaar menige kultuurhistorikus aangespoor en besiel het om in sy eie land ook so 'n museum te gaan oprig. Dit is merkwaardig hoe dikwels die navorser in argivale bronne die bewondering in geskrifte ontdek wat kultuurhistorici en ander belangstellendes uitgespreek het. Dit is ook die geval in Suid-Afrika. Elke ondersoeker wat daarvandaan terug= gekom het, het besondere lof betuig vir die verdienstelike werk wat in Arnhem verrig word. Dit verbaas dan ook nie dat die Opelugmuseum wat die afgelope vyf en twintig jaar vir Suid-Afrika beplan word, geskoei is op die lees van Arnhem.

Die één leemte wat ek wel in Arnhem aangevoel het, is die afwesigheid van 'n konvensionele kultuurhistoriese museum. Die opelugmuseum kan eenvoudig nie reg laat geskied aan al die aanvullende inligting wat 'n besoeker vra nie. Dit

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


is wel waar dat die museumkundiges op 'n waardige wyse in hierdie behoefte probeer voorsien met die uitstalling van kleredrag en veral met die tydelike tentoonstellings wat gereeld op die terrein gehou word. Die leemte bly egter bestaan.

Naas die voortreflike uitstalling en die algemene inrigting van die Opelugmuseum is daar nog twee aspekte wat besondere vermelding verdien. Eerstens die voortreflike wetenskaplike navorsing en publikasies wat deur die personeel behartig word. Dit verleen 'n nastrewenswaardige beeld aan die Museum as navorsing- en opvoedkundige sentrum. En tweedens verdien die Direkteur en sy personeel besondere lof vir die wyse waarop die reserwe-versameling, biblioteek en argief tot die beskikking van navorsers gestel word. Ook in dié opsig het die Opelugmuseum te Arnhem daarin geslaag om die hoogste ideale van die moderne museum te verwesenlik.

iii <u>Bokrijk, die Vlaamse Opelugmuseum</u>

Bokrijk is geleë in die provinsie Limburg, België. Aanvanklik is van die gedagte uitgegaan om die Museum op 'n provinsiale grondslag in te rig. Dit het egter spoedig geblyk dat die benadering verruim moes word sodat nie slegs Limburg daarin verbeeld sou word nie maar die ganse Vlaamse volkskultuur.[57] Sedert 12 April 1958 toe die Museum vir die publiek oopgestel is,[58] is reeds in 'n groot mate in hierdie doelstelling geslaag.

Dit lê voor die hand dat die Vlaamse volkskultuur, veral ten opsigte van die argitektuur en inrigting van boerderye en woonhuise, nie in enkele voorbeelde saamgevat kan word nie. Om die probleem te oorbrug, is besluit om drie kultuurlandskappe in die landelike gedeelte van die Museum te onderskei.

Die eerste van hierdie drie streke is die armoedige heidelandskap, Kempen. Hierin word geboue gegroepeer uit die provinsie Antwerpen en die noordelike deel van die provinsie Limburg. In die tweede landskap moes egter 'n vrugbare heuwelland geskep word sodat geboue uit Limburgse Haspengouw en Brabant daarin tot hul reg kon kom. Die derde streek suggereer Oos- en Wes-Vlaandere wat 'n vrugbare laagland as milieu verg om onder andere die kenmerkende meerledige boerderygeboue te rekonstrueer. In teenstelling met die eerste twee streke waarin geboue in nedersettingsverband ingerig sou word, moes Oos- en Wes-Vlaandere

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


in die "park-tipe" idioom gevestig word.

Maar sou dit moontlik wees om dit alles op één beperkte terrein van ongeveer 500 hektaar te verwesenlik? Miskien is dit juis die unieke van Bokrijk dat die terrein hom nie alleen natuurlik leen tot so 'n indeling nie, maar ook vanweë sy bome- en plantegroei die drie streke van mekaar isoleer om drie afsonderlike eenhede te skep. Kempen is daarom in die noordoostelike hoek, Haspengouw en Brabant in die suidelike en Oos- en Wes-Vlaandere in die westelike hoek ingerig.[59]


Die drie streke toon 'n wye verskeidenheid geboue wat deur die loop van die eeue aan mens en dier ruimte verskaf het om in te woon en te werk.[60] Dit bied tegelyk 'n kultuurhistoriese uitsig oor die verskillende maatskaplike lae van die bevolking asook die kultuurhistoriese ontwikkeling van geboue wat betref boutegniek, bou=materiale en die verskillende boerderybedrywe. Die een oomblik kan mens in die Kempense streek vertoef by die kelderhut wat deur die lyfeienes en uiters armlastiges sedert die Middeleeue bewoon is, om later weer voor 'n imposante vierkanthoewe uit Haspengouw in verwondering te staan. 'n Oorsig oor die ontwikkelingsgang van die landelike huis, bygeboue en skure is ewe indrukwekkend. As bedink word dat die oudste en eenvoudigste vorm, naamlik "de georiënteerde langgestrekte bouw", reeds nagevors is tot ongeveer ses duisend jaar gelede toe dit in dié omstreke gebou is, dan word dit 'n hele avontuur om die ontwikkeling daarvan sigbaar waar te neem. En na sestig eeue het dit nog nie verdwyn nie. Maar waarom sou dit? Dit hou eenvoudig te veel praktiese voordele in. Die huise is so gebou dat die langste gewel na die son gekeer is om die meeste lig en warmte op te neem. Tegelyk is die groot kwesbare dakvlak weggekeer van die westewind. Net die kort sygewel is daaraan blootgestel. Op dié wyse is ver=wering en ramp effektief bekamp. Hierdie eenledige boutegniek kom oor bykans die hele Vlaamse landskap voor, hoewel die suiwerste vorm aangetref word in Kempen, Brabant en Oos-Vlaandere.[61]

As gevolg van die brandgevaar en omrede die boerderybedryf gaandeweg uitgebrei het, ontstaan later ook die tweeledige bou. 'n Los skuur is ewewydig met die woonstalhuis gebou en daarin is hoofsaaklik bergruimte vir die oes geskep. 'n Verdere ontwikkeling lei tot die meerledige bou-inrigting wat aan drie of vier sye om 'n reghoekige of vierkantige binneruimte opgestel is.

Die fenomeen opelugmuseum is in 'n belangrike opsig deur die ontwikkeling by Bokrijk verryk deurdat dit pertinent die klem verskuif het van die afsonderlike

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)





Die Kempense dorpie wat as nedersetting rondom 'n driehoekige plein in Bokrijk opgerig is.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


geboue na die nedersetting. Soos reeds vermeld, is sulke pogings vroeër ook in Denemarke aangewend, en onder andere deur dr Heinrich Ottenjann by Clopenburg. Onder leiding van dr Jozef Weyns het Bokrijk hierdie gedagte verder ontwikkel. Waar die pioniers op hierdie gebied slegs 'n aantal komponente van 'n nedersetting naas mekaar opgerig het, het Bokrijk aan die ganse aanlegvorm van die dorp gestalte gegee. Die nuwe ontwikkeling het dus nie slegs 'n verband tussen die museumeenhede geskep nie maar 'n "werklijke nederzettings-infrastructuur" uitgebou.[62] Die verdienste van dié uitgangspunt blyk duidelik uit die inrigting van die twee dorpe in die Museum.

By die aanleg van die "Kempen-dorpie" is rekening gehou met die eeue-oue en tipiese Frankiese aanlegvorm wat kenmerkend van Kempense dorpe is.[63] Die nedersetting ontstaan rondom 'n driehoekige plein. Hierdie plein wat "biest", "dries", "opstal", "heuvel" en "plein" heet, was aanvanklik die versamelplek van die vee. Die gehuggies het 'n gemeenskaplike veeherder gehad wat smorens vandaar op die horing geblaas het as teken dat hy gereed was om te vertrek. Die staldeure van die wonings wat op die grens van die plein geleë was, is dan oopgemaak en die "heerd" versamel op die plein om na die weivelde begelei te word. Die huise om die plein word 'n "gehooft", "gehucht" of "heerdgang" genoem. Elkeen van hierdie plaashuise was netjies omhein of "omtuind" en met "veken", "valgader" of "valveken" afgesluit. Hieruit kan afgelei word dat die plein 'n belangrike rol gespeel het in die lewe van die inwoners van die nedersetting, veral toe dit in omvang en belangrikheid toegeneem het. Op die plein het ook gewoonlik groot lindebome gestaan waaronder die "stenen of de banken" vir die volksvergadering of gereg ingerig is wat vanmelewe in die opelug plaasgevind het. Soos verwag kan word was die "kaak", "justitiestaak" of "schandpaal" hier ingeplant. Daarvan getuig talle afbeeldings van Pieter Breugel. Menige skuldige sou daar vir 'n uur of meer aan die "schand=paal" tot sy skande deurbring. En aan die houtpaal is ook menige dief aan die kaak gestel - of liewer aan die oor vasgenael van waar hy hom maar moes los=skeur. Op die plein, waar die dorpsvywer ook staan, is die nuwe verordeninge en geldende voorskrifte in die openbaar afgekondig. As hierby in aanmerking geneem word dat die kerk ook vlakby die plein gestaan het, kan aanvaar word dat die plein inderdaad die sentrum van die oudste dorpslewe in al sy uitinge was.

Dit is hierdie kultuurhistoriese inhoud wat in die aanleg van die Kempense dorpie vasgevang is. Die eenheid is nie alleen kultuurhistories-wetenskaplik verantwoord

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


nie, maar ook museumkundig vorm dit 'n interessante en opwindende geheel. Die plein bied uiteraard ook 'n uiters waardevolle ruimte vir verskillende feeste. In die geval van die museumdorpie is die driehoekige plein afgemeet rondom 'n groot eikeboom. Daarby is dit voorsien van sosiale en juridiese elemente "als de valvekens, de brandpoel, de gerechtsboom, de schepenbank, de schandpaal, de herberg, de kerk en die pastorij ... en bevat een watermolen, een smidse en een windmolen naast de boerderijen".[64]

Vanaf die plein kry die besoeker 'n pragtige uitsig oor die verskillende kultuur=komponente wat uitstekend uitgebeeld word naas die geboue. Vandaar kan 'n mens na die geboue beweeg: mens wandel as 't ware van die een eeu na die ander om die boustyl, woninginrigting en leefwêreld van elke besondere tydperk te besigtig en te beleef. So kan die boerehuis uit Vorselaar uit die sestiende eeu betree word wat die werk- en leefwêreld van Pieter Breugel (1525 - 1569) in herinnering roep. Dié besondere huis is in die Breugeljaar, 1969, opgerig. Dan is daar aan die westekant 'n klein boedery, Heist-op-den-Berg, wat uit die sewentiende eeu dateer. Die skuur en woonhuis staan hier ook onder dieselfde dak.[65] Op die bodrumpel is, benewens die kruis wat in die hout uitgesny is om die bose en die noodlot te verdryf, ook die datum 1679 gegraveer. Die vensters is nog nie met glas toegerus nie. En op die dak is die sogenaamde "donderbaard" te sien: 'n plant wat in die Germaanse oudheid gewy is aan die dondergod, Thor. Volgens die algemene volksgeloof sal die aanwesigheid daarvan op die "dakvorst" die huis beveilig teen 'n noodlottige weerligstraal.

Die laaste bewoner van die huis was Janneken Coechelberghs, (1866 - 1952), "een merkwaardig man, een soort 'Dichter und Bauer' ... Hij was zeer bescheiden, zeer vroom, zeer dichterlijk, zeer arm. Hij heeft dagelijks gebeden om te mógen arm blijven en hij heeft het uur van zijn dood voorspeld".[66] In dieselfde kamer waar hy eenmaal die hartroerende gedig "Het Vaderhuis" geskryf het, hang dit nou vir besoekers om te lees:

Het is niet groot, het is niet mooi,
Drie eeuwen oud, wat scheef gezakt,
Van hout en leem, met kalk beplakt,
Zijn weegt en wand; het dak van strooi.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Het staat daar eenzaam in 't geboomt
En 't groen van palm en hulst en mast
En wijngaardrank die weeldrig wast;
Het staat daar stil alsof het droomt.

En toch heb ik dit huisje lief
En ruilde 't voor géén andre woon
Al was die zevenmaal zo schoon
En ingericht tot mijn gerief.

Hier speeld' ik eens als kind en 'k zat
Er aan den heerd, bij 't avondvuur,
Te staren in het vlammend vuur,
Wen vader, saam met moeder, bad.

Toen gingen moeder, vader, heen,
Maar niet hun beeld, dat bleef me bij,
En alles hier herinnert mij
De dagen van het vér verleên.

En ééns verlaat ook ik ons huis,
En ga de weg, hoe hard het zij,
Waar niemand keert. Vriend, bid met mij
Opdat ik vind' een beter thuis.

Naas hierdie huisie uit die sewentiende eeu staan die groot agtiende eeuse "abdijhoeve uit Oevel".[67] Die boerdery dateer uit omstreeks 1200 toe die monnike van die Tongerlo-Antwerpen-klooster die geboue opgerig en dit bekend geword het as "Uitschoolhoeve". Die name van al die bewoners sedert 1393 is bekend. Alhoewel die geboue deur die eeue heen verander en herbou is, het die oorspronklike geboue behoue gebly. En uit die negentiende eeu pryk die pragtige groot Limburg-Kempense boerdery, die Kilbershoeve uit Meeuwen.[68]

Slegs nog twee geboue in die Kempense dorpie moet genoem word.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)





'n Gesellige hoekie langs die "Leuvense stoof" in die landelike drankhuis, Wetshuis "In Dolphin, Estaminet".

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Die eerste is die kerkie uit Erpekom, wat digby die plein opgerig is. Waarskynlik die enigste oorgeblewe voorbeeld van die sogenaamde klein Rijnlandse saalkerke. Die skip en koor dateer uit die elfde eeu en die toring uit omstreeks 1550. Rondom die ou kerkie is 'n pragtige versameling ou grafstene as kerkhof ingerig.[69]

Die ander noemenswaardige gebou is die mooi landelike herberg "In Sint-Gummarus" uit Lier.[70] Die ou afspanning was op die punt om gesloop te word toe dit deur dr Jozef Weyns raakgesien is. Die gebou dateer uit omstreeks 1780. Vandag dien dit weer as herberg in die Museum waar besoekers hulself kan laaf en trakteer op 'n tradisionele dis wat moontlik nêrens elders meer te geniet is nie.

Uit hierdie kort beskrywing van die Kempense dorpie is dit duidelik dat ons hier nie met 'n konkrete historiese situasie te doen het nie, maar met 'n idealistiese sintese. Boonop bied dit 'n historiese oorsig oor die evolusie van die boerderygeboue, wat só gerangskik is dat die sosiale strukture en leefwêreld ineens sigbaar word. Dit alles vloei saam tot 'n eenheid van onskatbare didaktiese en kultuurhistoriese waarde.

By die aanleg van die tweede dorpie in die Museum, naamlik dié van Haspengouw, het ander oorwegings gegeld.[71] Hier het die klem wel op 'n bepaalde historiese voorbeeld geval. Om op 'n besondere voorbeeld te besluit, is na die kadasterkaarte van ongeveer 1845 gegaan om 'n geskikte uitleg te vind. Die keuse is egte,beïnvloed deur sekere uitdruklike voor= waardes. Die dorpie moes 'n plein besit. Soos in die geval van die Kempense dorp, hou dit vir dié museale funksie besondere voordele in. Die ruimte bied 'n goeie uitsig op geboue en dit kan aangewend word om samekomste te reël. Verder is gevoel dat die voorbeeld waarna gesoek word nie te uitgebreid moet wees nie, aangesien dit dan nie meer binne die vermoëns van die Museum sal wees om dit te ontwikkel nie. Die mikpunt is op ongeveer tien geboue gestel. 'n Ander baie belangrike voorwaarde was dat die beperkte aantal geboue verteenwoordigend van die besondere streek moes wees. Dit sou impliseer dat daarin minstens 'n eenledige lang= gestrekte, 'n tweeledige, 'n hoefystervormige, en 'n geslote vierkanthoeve opgeneem moes word. Uiteindelik is op die grondplan van die dorpie Ulbeek

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


besluit, aangesien dit volgens die kadasterplan in 'n besondere mate aan die verwagtinge voldoen het. Van die oorspronklike geboue uit 1845 was daar egter nie meer één beskikbaar nie. Die museumkundiges was dus nou op die omgewing aangewese om die spesifieke tydperk in die geskiedenis van die nedersetting museaal te rekonstrueer. Dit bied 'n besondere uitdaging aan die vernuf van kultuurhistorici om die daaglikse lewe in die geweste so indringend na te vors dat die beeld wat in komende jare daarvan geprojekteer gaan word, sal strook met die werklikheid van 'n eeu gelede. Alles dui reeds daarop dat die onderneming lewensvatbaar is.

Sedert 1959 is ook aandag geskenk aan die moontlikheid om naas die landelike gedeelte van die Museum 'n "Oude Stad" op te rig.[72] Die verwesenliking van hierdie "nuwe" ideaal sou jare lank uitbly. Die nood het egter in omvang toegeneem. Nie alleen is die erfgoed in die landelike gebiede bedreig nie, maar sedert die einde van die vorige eeu was dit in toenemende mate ook die geval in stedelike gebiede. Soos in die res van die Westerse wêreld is ook in België ondervind dat dit juis die ou stadskern is wat met sloping bedreig word en in baie gevalle reeds vernietig is. Die besluit om 'n grootse plan uit te werk om hierdie kultuurskatte te red, was dus tydig. Die rekonstruksie van "de Oude Stad" in die Museum het op 30 Augustus 1972 'n aanvang geneem.

Die Museum het hom die taak gestel om waardevolle stadsgeboue te bekom sodat 'n oorsig gegee kan word van die evolusie van die stedelike argitektuur van die laat Middeleeue tot in die negentiende eeu. Natuurlik sal ten alle koste gepoog word om historiese en ander geboue wat vanweë hul argitektoniese waarde bewaar moet word, eerder op die plek van oprigting ongeskonde te laat.

Die ervaring het egter ook in België geleer dat dit gewoonlik maar net 'n droom bly om ou geboue só te bewaar. Indien 'n gebou dus noodwendig gesloop moet word, is die logiese en ook die laaste alternatief om dit in die opelugmuseum op te rig en dit sodoende tog vir die nageslag te bewaar. Dit sal selfs nodig wees om sommige geboue wat nie meer bestaan nie, te herskep. Dit moet gebeur wanneer die komposisie van die geheelbeeld die toevoeging van 'n besondere struktuur vereis. Ter wille van die didaktiese waarde van so 'n geheelbeeld is 'n replika verkiesliker as om die besondere

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



gebou eenvoudig weg te laat.[73]

Intussen is die eerste huise reeds in "de Oude Stad" opgerig.[74] Ten aanvang is 'n Brabantse kern ontwerp. Die huis wat onder bespreking gekom het, is "de (Witte) Engel" wat uit omstreeks 1459 dateer. Dit is afkomstig uit die Zwartzustersstraat in Antwerpen waar dit in 'n toestand van verval geraak het en noodgedwonge gesloop moes word. Hierdie huis is van besondere kultuurhistoriese waarde. Ander outentiek verplaaste huise is "de dry Mollen" uit 1617 en twee "achterhuizen" uit "de Kuiperstraat" in Antwerpen. Daar is ook huise waarvan gedeeltes wat beskadig of vernietig is, herbou en die voorgewels gerekonstrueer moet word.[75]

Bokrijk is inderdaad een van die merkwaardigste opelugmusea en hierdie laaste toevoeging tot die versameling kan dit in die toekoms een van die belangrikste musea maak. In Bokrijk het die opelugmuseum-gedagte 'n besondere fase in die rypwordingsproses betree. Die feit dat museumkundiges van dié Museum bereid was om op goeie wetenskaplike gronde te eksperimenteer met verskillende moontlikhede, het die Museum ten goede gekom. Die volgende aanhaling uit die pen van dr Jozef Weyns toon in watter belangrike mate daar reeds geslaag is om 'n spieëlbeeld van die volkskultuur te skep: "Het openluchtmuseum schrijft zichtbare, waarneembare geschiedenis met relikten van ons voorgeslacht. De geschiedenis vertelt niet van vorsten en veldslagen, omwentelingen en verdragen. Neen. Van het leven van alledag: van het bouwen en wonen, het koken en eten, het vuurmaken en slapen, het waterputten en dorsen, het vee verzorgen en de oogst opbergen, het bestrijden van het vuur en het afweren van de boze invloeden, het rechtspreken en het bestraffen van de overtredingen, en honderden feiten en feitjes meer."[76] Voeg hierby die argitektoniese ontwikkeling sedert die laat Middeleeue wat in die "Oude Stad" verbeeld word met die ambagte en ander stadsbedrywe van koop en verkoop wat nog gestalte moet kry, en 'n mens raak liries oor die omvang van dié grootse onderneming.

Die skepping van die verskillende afdelings van die Museum waarin die "park-", "dorp-" en "stad-tipe" 'n plek gevind het, het in 'n groot mate daartoe bygedra dat die eenheid van die kultuurgeskiedenis in stad en platteland, op 'n besondere wyse eerbiedig en geïntegreer is. Die beroemde dr Heinrich Ottenjann het by 'n geleentheid na afloop van sy besoek aan Bokrijk teenoor

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


dr Jozef Weyns, die buitengewoon kundige en ywerige vorige Direkteur van dié Museum, opgemerk: "Mit diesem Freilichtmuseum, lieber Herr Kollege, können Sie ruhig herantreten."[77] Met dié uitspraak wil ek my volkome vereenselwig!

iv Die Buitemuseum van die Zuiderzeemuseum te Enkhuizen

Die ontstaan van die Opelugmuseum te Enkhuizen as 'n afdeling van die Zuiderzeemuseum bevestig op 'n besondere wyse die unieke aard van dié museumtipe. Tot dusver het ons nagespeur hoe verskillende musea nie alleen daarin geslaag het om besondere geboue van sloping te red nie maar ook beeldvorming van samelewingspatrone op die platteland, in dorpe en in stede te bewerkstellig. Wat tans in Enkhuizen tot stand kom, betree 'n verdere dimensie. Hier het ons te doen met 'n spesifieke kultuurpatroon wat gedoem is om spoorloos te verdwyn en in die vergetelheid te raak. Dit sou die lot wees van die buitengewoon ryk Zuiderzeekultuur.

Alhoewel die wordingsgeskiedenis wat oor duisende jare strek, deur verskillende navorsers nagespeur en tot in prehistoriese tye ontleed is, vind ons die eerste verwysings in geskrewe bronne uit die Romeinse tyd.[78] In hierdie era staan dit bekend as die "Mare Flevum". Die naam verander egter later om in die Middeleeue "Aelmere" en sedert die veertiende eeu "Sudersee" te wees. Hierdie binnesee in die hart van Nederland was bestem om een van die belangrikste handelseë van die Westerse wêreld te word. Sedert die Middeleeue sou handel=sentra daar bloei en ten gronde gaan. Die West- en Oost-Indische Compagnie wat ook hul setels hier gevestig het, het hul bloeitydperk in die sestiende en sewentiende eeu hier tegemoet gegaan. Florerende sosiale en kulturele lewe ontwikkel rondom verruklike handels- en woonhuise, monumentale kerke en sierlike stadshuise. Hierdie sierade van weleer is tans nog te sien in die verskillende Middeleeuse stede soos Edam, Enkhuizen, Harderwijk, Hoorn, Medemblik en Naarden.

Reeds in 1667 het die plan begin posvat om die Zuiderzee van die Noordzee te skei. Dit was Hendric Stevin wat voorgestel het: "Hoe het gewelt en vergif der Noordzee uytte verenigt Nederlant te verdrijven sy."[79] Veral teen die middel van die vorige eeu het die besef weer eens deurgedring dat die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


afsluiting en drooglegging van die Zuiderzee aansienlike voordele inhou. In hierdie tyd is groot grondgebied, onder andere die Haarlemmermeer (1848 - 1852), van die see herwin.[80] Nie alleen sou nuwe ruimte vir bewoning, landbou, industrie en ontspanning geskep word nie, maar die gevaar van vernietigende oorstromings sou effektief bekamp kon word. Vir hierdie grootse onderneming het verskillende ingenieurs sedert Stevin hul planne bekend gemaak, onder andere J A Beyerinck (1865), Stieljes (1870) en Leemans (1877).[81] Deur die inisiatief van die Zuiderzeevereniging wat in 1886 tot stand kom, word die plan van C Lely bekend. Hierdie plan sou dan ook in hooftrekke deurgevoer word.[82] Vanaf 1892 word die uitvoerbaarheid van die plan ook deur 'n staatskommissie ondersoek[83] maar dit sou nog enkele jare duur voordat daar werklik vordering gemaak is. Eers op 14 Junie 1918 word die afsluiting en drooglegging van die Zuiderzee deur die wet gemagtig.[84] Die besluit is in 'n groot mate deur die oorstromings van 1916[85] en die voedselskaarste na die Eerste Wêreldoorlog beïnvloed.[86]

Reeds lank voor die afsluiting, wat in 1932 'n werklikheid word, is besef dat hierdie onderneming nie slegs aansienlike ekonomiese, maatskaplike en sosiale voordele inhou nie, maar ook besliste negatiewe gevolge vir die kulturele lewe wat deur die eeue langs die Zuiderzee tot stand gekom het. Die eenvoudige rede hiervoor is dat die Zuiderzee opgehou het om see te wees en omskep is in die Ijsselmeer wat voortaan 'n varswatermeer sou wees. Daarmee het die Zuider=zeekultuur sy voedingsbron verloor. Klein visserhawens het geleidelik in "villes mortes" verander, tipiese geharde Nederlandse vissers moes in fabrieke en industrieë 'n heenkome gaan soek, jongmanne is nie meer deur die see bekoor nie, en eeue-oue tradisies en 'n leefwêreld wat gevoed is deur die see, het begin kwyn om uiteindelik in die niet te verdwyn.[87] Dit is begryplik dat die ekologie en die natuur wat so kenmerkend van die gebied was, ingrypend geraak sou word, want "de open inham van de Noordzee, die dagelijks door bewegingen van eb en vloed ververst werd, is een dode binnezee geworden, waarin het vuil zich begint op te hopen".[88] Die ryk seelewe, waaronder die ruim vier en twintig vissoorte soos "de haring, de ansjovis, de bot, de aal en de spiering en garnalen" sou ook nie onaangetas bly nie.[89] En die tegnieke om vis te vang met "schakels" te Huizen, Spakenburg, Elburg, Harderwijk, Durgerdam en Urk, met "wonderkuilen" te Volendam en Urk, met "reepnetten" te Hoorn, Marken, Enkhuizen en langs die Oostwal, met "fnuiken" en "zegens" te Urk, sou ewe ingrypend gewysig word, want die "botschuit", "vletten",

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


"gondels" en "punters" trotseer nie meer die golwe en wind om die vangs in te bring nie. En op land het baie aktiwiteite soos dié van die seilmakers, maste=makers en skeepsmede en verskillende bedrywe soos die "zouterijen", "rokerijen" en "pellerijen" tot stilstand gekom.

Die gevolge van hierdie ontbinding van die samelewing lê voor die hand. Die houtskepe wat nie meer in gebruik was nie en onversorg blootgestel was aan wind en weer het spoedig tot niet gegaan en kon op geen wyse weer vervang word nie. Dieselfde geld die katoennette en ander gebruiksvoorwerpe wat in onbruik geraak het en aan snelle verwering blootgestel is. Die eenvoudige hout- en baksteen=huise wat op die kenmerkende wyse dig teenmekaar gebou was, het weinig nut gehad in die nuwe konteks waarin hul geplaas is. Die armoedige eenkamer-visserwonings was nie in die moderne samelewing tot enige nut nie. Teen 'n versnellende tempo is hulle op groot skaal gesloop. En toe die eertydse bewoners daarvan elders 'n heenkome moes gaan soek, het die lewensvorme wat so ken=merkend van hierdie mense was, ook verdwyn.[90]

'n Goeie voorbeeld hiervan is die pragtige streekkleredrag wat in so 'n ryk verskeidenheid rondom die Zuiderzee gedra is. Hierdie verskeidenheid wat deels toe te skryf is aan die betreklike isolasie waarin die mense gewoon het, het ook 'n lang geskiedenis. Die bruiduitrusting van die dame uit Marken,[91] die "pijp=broek" van die Vollendammer en hoofbedekkings van Urk wat nog aan die begin van dié eeu gedra is, dateer dikwels uit die sestiende en sewentiende eeu. In die nuwe tuistes waarheen die eens trotse draers daarvan verhuis het, sou dit aan bespotting grens om dit daar te dra. "Met de Zuiderzee-visscherij staat of valt de kleederdracht."[92]

So het die afsluiting in 1932 die gebied, sy mense en hul kultuur met sy tallose vorme van bygeloof, sosiale lewe aan boord, in die hawens en in die dorpe ingrypend verander en in menige opsig onherroeplik tot 'n einde gebring. Eén dorp wat wel die afsluiting oorleef en die ou bestaanswyse voortgesit het, is die vroeëre eiland Urk. In die nuwe bedeling het dit deel van die Noordoostpolder geword. Die groepsgemeenskap is daardeur egter nie verbreek nie – daarvan getuig 'n kennisgewingbord op die grens van die stad wat nuuskierige besoekers maan om die inwoners op Sondae nie lastig te val nie.[93]

Bykans vyftig jaar gelede toe die inwonders van die Zuiderzee besef dat daar aan

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


die noodlot van hulle bestaan niks te verander is nie, het hulle besluit dat hulle "met eenige plechtigheid van verleden en heden afscheid wilde nemen". Die geleentheid word dan geskep met die "Zuiderzee-Visscherij-Tentoonstelling" van 25 Augustus tot 6 September 1930. Hierdie tydelike tentoonstelling is gereël met die besef dat die afsluiting van die Zuiderzee 'n keerpunt in die geskiedenis van die gebied en sy kultuur sou meebring en daarom wou hulle "al het mooie van bedrijf en leven op en om de Zuiderzee verzamelen, om het Nederlandsche volk als in één greep te laten zien, wat het zou gaan verliezen".[94]

Vir die doel van hierdie uitstalling is 'n groot en uitgebreide versameling byeenge=bring. Skilderye, skeepsmodelle, visserskepe en visgerei is tentoongestel terwyl die bewoners van verskillende streke en dorpe rondom die Zuiderzee hul tradi=sionele kleredrag aangehad het vir die geleentheid. Maar die treffendste van die tentoonstelling was ongetwyfeld die vissersdorpie wat opgerig is om 'n beeld te bied van die besondere lewenswyse en omstandighede. Daar is nie slegs rekening gehou met die woontoestande nie maar die verskillende ambagte en bedrywe is ook op realistiese wyse gedemonstreer. Hierdie demonstrasies was saam met die huisinrigting - meubels, gebruiksvoorwerpe, wandbedekkings en huisvlyt - 'n besondere besienswaardigheid. Dit het nie alleen die gasvryheid van die bewoners verbeeld nie maar ook daarin geslaag om die groot verlies van 'n tydvak van 'n pragtige Hollandse kultuurlewe wat afgesluit word, te betreur.

Dit is begryplik dat die verlies van die "oude Zuiderzeecultuur" by bewuste kultuurdraers nie ongemerk verby sou gaan nie. Baie van hulle kon hul nie met die gedagte versoen dat niks hiervan vir die nageslag behou sal word nie.

Een van die persone wat so gevoel het was S J Bouma, Direkteur van die "Rijksmuseum voor Volkskunde, Het Nederlands Openluchtmuseum". Hy spreek reeds in 1942 die mening uit "dat het niet aanging om al deze kleurige, karakteristieke uitingen van leven, werken en wonen langs onze vroegere Zuiderzee te laten afsterven".[95] Die logiese kreet wat gehoor sou word is dus: "Er moet een Zuiderzeemuseum komen." Die gedagte en visie van Bouma was baie ambisieus want hy koester die vergesig dat dit meer as net 'n konvensionele museum moet wees. Hy skryf onder meer: "Het moet een levend dorp worden met werkende mensen, met in- en uitvarende schepen, waar de zaagramen van de molen op en neer gaan, waar de scheepstimmerman de houten flanken van een botter bewerkt, waar de smid op het aambeeld klopt, waar de vissers op de rand van de kade bezig zijn met het tanen van netten en zeilen en waar de rokerij

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


haar pikante geuren vermengt met die van teer en harpuis tot dat ondefiniëerbare parfum, dat iedere vakantieganger in de Zuiderzeeplaatsen tot verrukking heeft gebracht."[96]

Op hierdie stadium, tien jaar na die afsluiting, het die hoop nog geleef dat die Zuiderzeevissery en aanverwante bedrywe in 'n sekere mate, hoe gering ook al, kunsmatig aan die gang gehou sou kon word. Daar was immers nog vissers, skuite en mense om die ambagte en bedrywe te beman. Na 1945 het dit egter duidelik begin word dat dit alles 'n droom was.

'n Meer realistiese benadering tot die probleem was nodig. Dit sou egter eers twintig jaar later gebeur. In die veertigerjare het verskillende kommissies 'n aantal planne oorweeg wat al die probleme rondom die opbou van so 'n groot projek in ag geneem het. Uit hierdie besprekings het minstens voortgevloei dat die Zuiderzeemuseum op 14 Januarie 1948 formeel tot stand gekom het[97] en dat Enkhuizen, die "vermaerde zee- en koopstad" wat sedert 1355 stadsreg besit,[98] as die plek aangewys is waar die Museum moes verrys. Aanvanklik was daar besware teen die gedagte omdat gevrees is dat die see-aansig van die stad ver= steur sou word. Gedurende die vyftigerjare sou verdere vertraging in die uitvoering van die planne intree. In 1956 was daar weer verskil van mening of die plan van Bouma ten uitvoer gebring moes word. Die kommissie het uiteindelik besluit dat die Opelugmuseum nie 'n bewoonde dorp moet wees soos Bouma voorsien het nie, maar 'n museum wat die kultuurpatroon rondom die Zuiderzee van omstreeks 1900 moes weerspieël. Dit sou immers toenemend moeiliker word om gesinne te vind om in moderne tye 'n tradisionele lewenswyse op kunsmatige wyse te handhaaf. Kleredrag en ander voorwerpe wat moeilik tot hul reg sou kom in 'n opelugmuseum, kon in elk geval in die Binnemuseum uitgestal word. Hierdie konvensionele Museum is in "Het Peperhuis" ingerig, wat in 1625 opgerig is en sedert 1682 as pakhuis vir die Vereenigde Oost-Indische Compagnie diens gedoen het.[99]

Die nuwe benadering vind in die sestigerjare algemene byval en lei daartoe dat die histories-stedeboukundige argitek van die Ryksdiens vir monumentesorg, N Heijligenberg, in 1968 die opdrag ontvang om 'n werkplan daar te stel. Hierdie struktuurplan sou as uitgangspunt dien vir die bou van die Museum. Die heer Heijligenberg het homself op die standpunt gestel dat dit slegs sinvol kan wees om die Museum op die basis van historiese strukture van die Zuiderzee- en Waddenzeegebied in te rig.[100] Dit het beteken dat die geboue en ander

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



strukture so gegroepeer sal word soos wat dit in werklikheid in die gebied gevind is. Om die struktuurplan op te stel, moes dus opnuut noukeurige navorsing gedoen word deur die nog bestaande strukture sorgvuldig op te meet en vas te stel watter veranderings in die loop van die jare deur verbouing en uitbreiding op persele aangebring is. Die ondersoek was tog nie so onmoontlik as wat dit wil voorkom nie. Alle veranderings is immers in die vorige eeu volgens wet op die kadastrale planne aangebring. Danksy hierdie wetlike bepaling wat sedert 1 Oktober 1811 gegeld het toe die koninkryk van Holland by die Franse keiserryk ingelyf is, kan woonhuis en ander geboue noukeurig teruggevoer word tot 'n sekere jaartal. Aangesien onderverdelings en die verwisseling van eiendomme ook op die kadaster aangebring is, was dit oor die algemeen moontlik om bykans 'n volledige geskiede= nis van elke afsonderlike huis te rekonstrueer.[101]

Die eerste deel van die plan wat so tot stand gekom het, is die "museumhaventje". Na sorgvuldige navorsing is besluit om die Buurthaven as model te gebruik. Dit is in 1830 te Marken opgerig. Dit was moontlik om met behulp van tekeninge wat die ingenieur van die Waterstaat, J van Asperen, in die dertigerjare van die vorige eeu gemaak het, die hawe te rekonstrueer. In die buurt van die hawe sal ook 'n taanhuis met taanketels opgerig word. 'n Taanhuis wat uit Hoorn afkomstig is en in elk geval gesloop moes word, is vir die doel bekom. Ten noorde van die hawe is 'n dykbebouing ontwerp ooreenkomstig die huidige situasie wat in Kolhorn aangetref word.[102]

Nadat die werkplaas gebou is waar voorrade en materiale geberg word, was die tweede projek wat aangepak is die oprigting van 'n kapel uit Den Oever.[103] Die kapel was reeds baie verwaarloos en het op die punt gestaan om in duie te stort. Dit was dus onvermydelik dat dit gesloop moes word. Vir die Buite= museum was dit 'n groot aanwins. Alhoewel die geskiedenis van die kapel nie baie volledig is nie, dateer die oudste deel daarvan duidelik uit die vyftiende eeu. Op die plek van herkoms is volgens gebruik 'n baie noukeurige opname van die gebou gemaak. Die pleister is van die mure verwyder om verdere bedekte spore van verandering na te speur. In hierdie soektog is onder andere wandskilderye gevind wat ongelukkig nie met die oorplasing bewaar kon word nie. Die kapel is tans pragtig gerekonstrueer en is beskikbaar gestel aan gemeentes om daarin dienste te hou. Dit word ook beoog om kulturele byeenkomste daarin aan te bied om dit opnuut weer in 'n plegtige sfeer te plaas soos wat dit eens was toe dit die geestelike sentrum was van die gemeenskap wat daarin

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



aanbid het.

Die straatjie wat toegang tot die kapel verleen, is ontwerp na die voorbeeld van die Vuldersstraat te Harderwijk. Enkele huise sal ook vandaar oorgeplaas word na die Museum. Aan die noordekant van die kapel sal 'n huis uit Den Oever verrys. Verdere beplanning sluit in dat verskillende huise uit onder andere Staveren, Zwartsluis, Edam en 'n boerderytjie uit Zuiderwoude[104] op die terrein heropgerig gaan word. Die eenvoudige vissershuise sal oorgeplaas word in die vissersdorp terwyl met behulp van foto's uit ongeveer 1900 ook strate en brûe dienooreenkomstig gebou sal word. Natuurlik word die beplanting van die terrein ook so onderneem dat dit aan wetenskaplike eise sal beantwoord.[105] Verder sal, soos die gebruik in ander opelugmusea, die woonkultuur, ambagte en bedrywe soos "sigarenmakerij", kuiperij", "smederij", "skuitenmakerij", "victualiën=handel", "scheepswerf", ensovoorts daar wees. 'n Aantal van die geboue sal ingerig word om as uitstalruimte te dien vir bepaalde versamelings soos klein boere- en visserbote, skildergereedskap en kruideniersinventarisse.[106]

Aangesien die Opelugmuseum te Enkhuizen tans nog in aanbou is, het dit onder andere met één probleem te kampe wat die ouer opelugmusea nie in so 'n besondere mate getref het nie, naamlik die geweldige kostestruktuur van die moderne tyd. Begrotings wat op verskillende tye gemaak is, skets duidelik die probleem. Die begroting van Bouma in 1940 het f700 000 beloop.[107] In 1955 moes dit vergroot word na f3 000 000[108] en in 1971 het dit reeds aangegroei tot f7 000 000.[109] In 1977 het die Direkteur van die Museum verklaar dat ongeveer f24 000 000 benodig word om die ambisieuse projek te voltooi. Hy het daarop gewys dat dit in 1965 die Museum f50 000 gekos het om 'n huisie na die terrein oor te bring. In 1977 kos dit ruim f150 000.[110]

Nieteenstaande hierdie en ander probleme wil dit tog voorkom asof hierdie Museum, wat een van die mees resente ondernemings in die museumgeskiedenis is, tog daarin gaan slaag om iets vir die nageslag te red van die byna onbeskryf=bare kulturele epog van die stryd van 'n volk met die see. Die blote bestaan van hierdie Museum is bewys van die ontsaglike moontlikhede wat dié fenomeen bied. Hier het ons te doen met 'n bewaringspoging van 'n ganse streekskultuur wat in sy geheel besig was om tot niet te gaan. Vanweë die hoë wetenskaplike kwaliteit van die werk wat in Enkhuizen verrig word, sal dit inderdaad moontlik wees om 'n besondere spieëlbeeld van die kultuurgeskiedenis te gee. Ek was in

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



die besonder beïndruk met die ondersteuning wat die konvensionele "Binne"-museum in dié poging verleen. Juis hier in Enkhuizen het ek tot die besef gekom dat dit die aspek is wat ek in Arnhem en in Bokrijk as 'n leemte aan= gevoel het. Dit was vir my 'n onteenseglike bewys dat die opelugmuseum die ondersteuning en aanvulling van 'n konvensionele kultuurhistoriese museum nie kan ontbeer nie.

'n Laaste indruk van Enkhuizen wat reeds hier gestel moet word, raak die omvang van 'n opelugmuseum. Uit die aard van die saak verkeer 'n streeksmuseum in 'n baie gunstiger situasie as 'n museum wat gestalte moet gee aan die kultuur= geskiedenis van 'n ganse volk. As 'n mens nou die enkele visserhuise en ander strukture uit die Zuiderzeegebied wat in Arnhem opgerig is, vergelyk met die doelstelling van die Opelugmuseum wat in Enkhuizen verrys, dan moet 'n mens dadelik toegee dat die beeldvorming te Arnhem baie skraler en miskien selfs "oppervlakkig" voorkom. Alhoewel hierdie vergelyking nie billik is nie, bewys dit tog dat die resultate wat bereik sal word wanneer daar in 'n betrokke land 'n aantal streeksmusea opgerig word, wensliker sal wees as wanneer gepoog word om in 'n enkele "nasionale" opelugmuseum die kultuurgeskiedenis van die volk te verbeeld.

Die struktuurplan van Enkhuizen bied 'n opwindende uitdaging. Omdat dit kultuurhistories 'n geslote eenheid vorm en verantwoord is, bied dit nie slegs die ruimte om aan hoë estetiese eise te voldoen nie maar om ook stedeboukundig tot interessante oplossings te kom. En binne hierdie raamwerk is daar voldoende geleentheid om die mense wat eens om hierdie seestrande geleef het en die woeste branders van die Zuiderzee daagliks getrotseer het, te verbeeld in hul leefwêreld wat nie meer bestaan nie, in hul ambagte wat tot die historiese verlede behoort en in hul eenvoudige visserhuisies wat slegs nog as "museumvoorwerpe" te sien is. As die kultuurhistorici en museumkundiges van Enkhuizen hierin gaan slaag, dan het hulle tegelyk 'n waardige monument daargestel wat 'n kleurryke verlede in herinnering roep.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


# VERWYSINGS


1 J H Kruizinga: Levende Folklore in Nederland en Vlaanderen, bl 7; Jan de Vries: De Wetenschap der Volkskunde, bl 6; Jos Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, Deel I, bl vii - ix.

2 Petra Clarijs: De Wooncultuur (Volkskunst der Lage Landen Deel 3 (red Tj W R de Haan), bl 9).

3 Jan de Vries: Wetenschap der Volkskunde, bl 6; K C Peeters: Een Stad in het Museum te Bokrijk (Bokrijkse Berichten XI, bl 3); Abel Coetzee: Die Afrikaanse Volkskultuur, bl 14.

4 Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 17.

5 Jozef Weyns: Het Boerenhuis uit de Voerstreek in het Vlaamse Openluchtmuseum te Bokrijk (Bokrijkse Berichten XII, bl 35).

6 B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 8.

7 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 107 - 109; J Duyvetter: Van Hoofbrekens en Kopzorgen, bl 5 - 7.

8 J Duyvetter: Het Platteland Thuis (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 24, 1961 nr 1, bl 1).

9 J Duyvetter: Van Hoofbrekens en Kopzorgen, bl 8 - 9.

10 A w, bl 10 - 70.

11 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 12; H Hagens: Het Twentse lösse hoes "Olde Bubbelink" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 1, bl 13 - 20); Jan Jans: Landelijke Bouwkunst in Oost-Nederland, bl 34.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


12 Aangehaal deur Jos Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, Deel I, bl 28.

13 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 67.

14 H Hagens: Het Twentse lösse hoes "Olde Dubbelink" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 1, bl 17).

15 Jos Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, Deel I, bl 35 en 257.

16 H Hagens: Het Twentse lösse hoes "Olde Dubbelink" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 1, bl 16).

17 B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 64 - 65.

18 A w, bl 18.

19 A w, bl 15 - 17.

20 A w, bl 17 - 19.

21 A w, bl 65 - 67; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 39.

22 Rijksmuseum voor Volkskunde, Het Nederlands Openluchtmuseum: Boerderijen van Nederland, bl 21; Vereniging Vriende van het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 13; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 95 - 96.

23 M A van der Wijst: Hoe wij aan ons Dorpsschooltje kwamen (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 30, 1967 nr 1, bl 7 - 16); Vereniging Vrienden van het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 24.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



24 B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 39; Vereniging Vrienden van het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 22; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 15.

25 Sien die beskrywing van William Shaw: The Story of my Mission in South Eastern Africa, bl 40 - 42; B Spoelstra: Ons Volkslewe, bl 66; F Th Schonken: De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsch Volksover= leveringen, bl 72.

26 B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 55; Rijksmuseum voor Volkskunde, Het Nederlands Openluchtmuseum: Boerderijen van Nederland, bl 5.

27 J de Kleyn: Onze Friese Boerderij in Midlum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 24, 1961 nr 2, bl 44 - 47); Anon: De Friese Boerderij uit Midlum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 27, 1964 nr 1, bl 23).

28 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 75 - 85; B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 40.

29 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 28 en 98 - 102.

30 M C Blöte-Obbes: De Geurende Kruidhof, bl 5; A J Bernet Kempers: Van Salvia tot Jan Salie (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 27, 1964 nr 1, bl 7 - 13).

31 A w, bl 10.

32 M C Blöte-Obbes: De Geurende Kruidhof, bl 8.

33 A J Bernet Kempers: Het Kruidentuinhuisje (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 25, 1962 nr 2, bl 42 - 64); A J Bernet Kempers: Bitter in de Mond (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 34, 1971 nr 1, bl

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



19 - 31).

34 A J Bernet Kempers: Om onze Mispelboom (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 23, 1960 nr 2, bl 27 - 33).

35 G R Kruissink: Bloei en Verval van Hindeloopen (Uit Het Peperhuis, Tweede Serie nr 4, Mei 1958, bl 59 - 68).

36 Vereniging Vrienden van het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 19; B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 59.

37 A w, bl 34.

38 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 15.

39 A w, bl 33 en 76; B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 61 - 63; Vereniging Vrienden van het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 20 - 21.

40 A W Francken: Het Leven onzer Voorouders in de Gouden Eeuw, bl 45 - 52.

41 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 40 - 41; B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 58; Vereniging Vrienden van Het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 16 - 17; Anon: Aan den Heer "opkooper" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 36, 1973 nr 2, bl 31 - 32); S Honig Jz: Een Zaanse "Tuin van Vermaak" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 37, 1974 nr 1, bl 24 - 31); S Honig Jz: Drie Huizen uit Koog aan de Zaan (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 33, 1970 nr 1, bl 13 - 16).

42 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 59.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


43 A J Bernet Kempers: Brand in de Zaanse Buurt: een Harde Slag voor het Openluchtmuseum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 32, 1969 nr 2, Byvoegsel); A J Bernet Kempers: Na die Brand (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 33, 1970 nr 1, bl 1 - 7); A J Bernet Kempers: De Verloren Gegane Gebouwen uit de Zaanse Buurt (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 33, 1970 nr 1, bl 9 - 12).

44 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 41.

45 L Brandts Buys: De Landelijke Bouwkunst in Hollands Noorderkwartier, bl 20 - 23.

46 B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 53; Vereniging Vrienden van Het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 11; L Brandts Buys: De Landelijke Bouwkunst in Hollands Noorderkwartier, bl 37 - 40; G R Kruissink: Wieringer en Westfriese Zomerstallen (Uit Het Peperhuis, Tweede Serie nr 11/12, Oktober 1961, bl 213 - 223).

47 J M Stikvoort: Onze Standerd is Flink Veranderd (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 39, 1976 nr 1/2, bl 37).

48 C Visser e a: Onze Hollandse Molen, Deel 1, bl 5; K Boonenburg: De Windmolens, bl 9.

49 A Bicker Caarten: De Molen in ons Volksleven, bl 7.

50 K Boonenburg: De Windmolens, bl 7.

51 Nederlands Openluchtmuseum: Waterradmolens van Nederland, bl 15.

52 J M Stikvoort: Onze Standerdkorenmolen uit Huizen/NH (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 37, 1974 nr 2, bl 64 - 65); J M Stikvoort: Dijkma's Laaste Tjasker (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 28, 1965 nr 2, bl 25 - 32); J M Stikvoort: De Paltrok Houtzaagmolen (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 26, 1963 nr 2, bl 37 - 45); Nederlands

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Openluchtmuseum: Waterradmolens van Nederland, bl 14 - 15.

53 Nederlands Openluchtmuseum: Landbouwwerktuigen in het Verleden, bl 3.

54 Nederlands Openluchtmuseum: Voertuigen van het Platteland, bl 2; J M G van der Poel: De Boerenwagens van de Landbouwtentoonstelling van 1913 (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 32, 1969 nr 2, bl 27 - 36).

55 J de Kleyn: Ceramiek in het Openluchtmuseum van Aankledingsmateriaal naar Studieobject (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 37, 1974 nr 1, bl 1 - 15).

56 Sien Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 39, 1976 nr 1/2, bl 55 - 64.

57 M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 7.

58 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 29; Jozef Weyns: Beknopte Gids van het Vlaamse Openluchtmuseum in het Limburgse Pronvinciedomein Bokrijk, bl 1.

59 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 55 - 56; Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 15.

60 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 38 - 39.

61 A w, bl 40 - 42.

62 M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 11.

63 Jozef Weyns: Bokrijk, het Eerste Openluchtmuseum van het Land (d i België) (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3, bl 215 - 216);

Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 162 -

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


165; Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 16 - 23.

64 M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 11.

65 Jozef Weyns: Bij Breugel in de Leer voor Honderd-en-een Dagglijkse Dingen (Bokrijkse Berichten IX, bl 1).

66 Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 24 - 27; Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 169 - 170.

67 Jozef Weyns: De Uitschoolhoeve uit Oevel, bl 11.

68 Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 20.

69 Jozef Weyns: Beknopte Gids van het Vlaamse Openluchtmuseum in het Limburgse Provinciedomein Bokrijk, bl 28.

70 Jozef Weyns: Afspanning "In Sint-Gummarus" uit Lier (Bokrijkse Berichten IV, bl 2).

71 Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 16 - 18; M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 11; Jozef Weyns: Het Vlaamse Openluchtmuseum na 20 jaar (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3, bl 235).

72 F van Winkel: De "Oude Stad" in het Openluchtmuseum te Bokrijk (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3, bl 237 - 248); K C Peeters: Een Stad in het Museum te Bokrijk (Bokrijkse Berichten IX, bl 1 - 8).

73 M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 11 - 12.

74 L de Barsée: Het Eerste Huis in de "Oude Stad" (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3, bl 251); L de Barsée: Het huis "De (Witte) Engel" (Vlaanderen, Jaargang 24, 147, Julie - Augustus 1975, bl 199 - 212); M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 13.

75 A w, bl 16.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


76 Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 19.

77 Jozef Weyns: Het Vlaamse Openluchtmuseum na 20 jaar (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3, bl 235).

78 Ph M Bosscher e a: Het Hart van Nederland, bl 30 en 148; G D van der Heide: Van Landijs tot Polderland, Hoofstuk 1 tot 10; A Schaper: De Zuiderzee als Schakel en Scheiding tussen de Gewesten (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie nr 4, Julie 1953, bl 45).

79 G D van der Heide: Van Landijs tot Polderland, bl 395; Vereeniging "Nederland in den Vreemde": De Afsluiting en Gedeeltelijke Droog=making van de Zuiderzee, bl 14; H S van Wickevoort Crommelin: Nederlands Oorlog tegen de Zee, bl 8.

80 G D van der Heide: Van Landijs tot Polderland, bl 484.

81 A w, bl 484.

82 A Koolhaas: Portret van een Nederlander (De Groene Amsterdammer, 26 Maart 1949); K Jansma: Lely, de Bedwinger der Zuiderzee, bl 29 - 30.

83 A w, bl 71.

84 A w, bl 226.

85 A w, bl 252 - 253.

86 E den Herder: De Steenen spreken: De Zuiderzee kan niet drooggelegd worden, bl 13.

87 S J Bouma: The Zuiderzeemuseum a "Museum Village" to be erected in Enkhuizen Netherlands (Museum, Vol III nr 1, 1950, bl 254).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


88 Ph M Bosscher e a: Het Hart van Nederland, bl 190.

89 A w, bl 177; E den Herder: De Drooglegging der Zuiderzee - Een Ramp voor Nederland, bl 5; Th Fruithof: Enkele gegevens over Leven en Werken te Koehool (Het Peperhuis, Jaargang 1975, bl 44 - 45).

90 Ph M Bosscher e a: Het Hart van Nederland, bl 168 - 190.

91 Anton van Oirschot (red): Kijken naar Klederdrachten, bl 10.

92 E den Herder: Domme Golven, bl 21; Constance Nieuwhof e a: Klederdrachten, een Reis langs de Levende Streekdrachten van Nederland, bl 15.

93 Ph M Bosscher e a: Het Hart van Nederland, bl 218 - 219.

94 U E E Vroom: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording, bl 10 - 14.

95 A w, bl 14 - 16.

96 A w, bl 16.

97 S J Bouma: Hoe Ontstaat de Museumverzameling? 1 (Uit Het Peperhuis, Eerste Jaargang nr 1, September 1952, bl 5).

98 F G Boulonois: Enkhuizen 600 jaar stad (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie nr 9, Junie 1955, bl 148).

99 U E E Vroom: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording, bl 16 - 18; P M Rooker: Thuis in Enkhuizen, bl 17 - 19; Douglas Dixon: Descriptive Guide of the Zuyderzeemuseum at Enkhuizen, bl 1; S Spoelstra: Het Enkhuizer Havenplan, Spiegel der Historie van de

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Zuiderzee (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie nr 9, Junie 1955, bl 139); S J Bouma: The Zuiderzeemuseum a "Museum Village" to be erected in Enkhuizen Netherlands (Museum, Vol III nr 1, 1950, bl 254).

100 U E E Vroom: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording, bl 38 - 44.

101 S J Fockema Andreae: Geschiedenis der Kartografie van Nederland van den Romeinschen tijd tot het midden der 19de eeuw, bl 81.

102 U E E Vroom: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording, bl 46 - 48; Ella Rietsma: Hoe Knusjes Leefde eens de Visser (Kijken, Jaargang 38, 4 Junie 1977).

103 S Spoelstra: Kerkbouw in het Buitenmuseum (Uit Het Peperhuis, Serie 3 nr 7, Junie 1967, bl 181).

104 U E E Vroom: Het Boerderijtje uit Zuiderwoude (Uit Het Peperhuis, Jaargang 1969 nr 3, Oktober 1969, bl 110 - 122).

105 Anon: Verplanten van Bomen in het Buitenmuseum (Het Peperhuis, Jaargang 1976 nr 2, bl 5).

106 U E E Vroom: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording, bl 54 - 84.

107 A w, bl 28.

108 A w, bl 30.

109 A w, bl 84.

110 Ella Rietsma: Hoe Knusjes Leefde eens de Visser (Kijken, Jaargang 38, 4 Junie 1977).